

## 18. Jeug en Onderwys

### 18.1 RAPPORT: DEPUTATE VIR CHRISTELIKE ONDERWYS (Artt.41, 150, 152, 205)

- A. Ds. P Venter stel die Rapport.
- B. Ds. GJ van Wyk stel die Aanvullende Rapport.
- C. Ds. JH Howell stel die Subrapport oor die PU vir CHO.
- D. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie : Jeug en Onderwys. Sake met finansiële implikasies word verwys na die Kommissie : Finansies.
- E. Ds. IW Ferreira rapporteer namens die Kommissie : Jeug en Onderwys.
- F. Ds. EJ Tiemensma rapporteer namens die Kommissie : Finansies.

### G. RAPPORT

#### 1. Opdrag

“Om in artikels en publikasies leiding te gee oor die beginsels en praktyk van Christelike onderwys, veral in die lig van die huidige omstandighede in Suid-Afrika. Hierdie artikels en publikasies word bekend gestel deur skrywes aan kerkrade, in *Die Kerkblad* en op die Internet. Laasgenoemde word gedoen in konsultasie met die Administratiewe Buro en ander Deputategroepe wat gemoeid is met die ontwikkeling van ‘n tuisblad vir die GKSA. Die onderskeie besluite van die verskillende Partikuliere en Nasionale Sinodes wat ter sake is, asook hierdie Sinode se opdragte aan die Deputate, kan ook op hierdie manier bekend gestel word” (Acta 2000:337, 3.1)

#### 1.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

##### 1.1.1 *Die Kerkblad*

Verskeie artikels oor Christelike onderwys het in *Die Kerkblad* verskyn. Die Deputate het hulle nie net beperk tot artikels wat uit die pen van Deputate verskyn het nie, maar ook alle ander artikels oor Christelike onderwys wat vir kerkrade, ouers en onderwysers van belang mag wees (Bylae 1).

##### 1.1.2 *Die Gereformeerde Vroueblad*

Enkele artikels oor opvoeding/ouerskap en katkisasie het die afgelope drie jaar in die *Gereformeerde Vroueblad* verskyn (vgl Bylae 1).

##### 1.1.3 *Navrae uit die kerkverband*

Verskeie navrae uit die kerkverband is hanteer. Op versoek is inligting aan die volgende Deputate vir CO voorsien: Ds. PA Odendaal, ds. J Marais (Partikuliere Sinode Oos Transvaal), ds. GJ. Ligthelm (Partikuliere Sinode Noordwes), ds. JD Venter (Klassis Vryburg), dr. FW de Wet (Klassis Vryheid), adv. Henk ten Brink (Gereformeerde Kerk Bellville-Oos, ds. JB du Plessis (Gereformeerde Kerk Lichtenburg).

Die volgende lidmate het met die Deputate gekorrespondeer : br. G Kruger, sr. R Dekker en L. Malan. Laasgenoemde twee persone het op ‘n redelik gereelde basis met die voorsitter van hierdie Deputate geskakel en uiters waardevolle insette gelewer en die Deputate van dokumentasie en ander inligting voorsien.

#### 1.1.4 *Webblad vir Christelike Onderwys*

U Deputate het 'n webblad vir Christelike onderwys daargestel wat as 'n subskakel deur die webblad van die GKSA bereik sal kan word. Die Deputate het 'n seleksie gemaak van Kerkbladartikels, Vlugskrifte 1–8 CNO (Klassis Rustenburg), Merktekens van 'n Christelike Skool (Afrikaans, Engels, Frans en Duits), dokumente van Part. Sinode Wes-Transvaal (Voorbeeldvrae KO, artt.21, 41 en 44), kommentaar op Hersiene Kurrikulumdokument, Kernvakkurrikulum vir Bybelonderrig grade 1–12, kommentaar op die Manifesto van minister Kader Asmal, kommentaar op wetgewing, en 4 ARSO dokumente, IKOO dokumente, wat vir kerke van belang mag wees en dit op die webblad geplaas. (Bylae 2).

Hierdie blad sal na die ter perse gaan van hierdie Rapport in werking gestel word en die webbladadres- en besonderhede sal in *Die Kerkblad* en aan ander instansies bekend gestel word. Skakels na die webblaaie van die BCVO, TO/SAOU, VCHO, VCAO, AVCHO en ander instansies is ook op die webblad aangebring.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 1.2 **Sake waaroor die Sinode moet besluit**

Dat hierdie opdrag gekontinueer word.

**Besluit:** Dank en waardering teenoor die Deputate en kundiges word betuig vir die groot werk wat gedoen is in die daarstelling van artikels en publikasies wat ook op 'n webbladsy op die Internet beskikbaar sal wees

#### 2. **Opdrag “3.2 Om die onafhanklike skole-inisiatief, wat reeds sterk momentum begin kry, te ondersteun deur:**

**3.2.1 Met die betrokke organisasie in die RSA en Namibië (ARSO, BCVO, VCHO, VCAO, Akademie vir CVHO, ens.) te skakel**

**3.2.2 Desnoods verteenwoordigers van hierdie organisasies as Deputatelede te betrek**

**3.2.3 Kerke in te lig oor hierdie bewegings en die implikasies daarvan vir die nakom van die doopbelofte, die toepassing van die KO, art.21, Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus en betrokke Sinodebesluite” (Acta 2000:337, 3.2)**

#### 2.1 **Sake vir kennisname deur die Sinode**

2.1.1 Die Sinode het self uitvoering aan opdrag 3.2.2 gegee deur prof. PH Stoker (VCHO), ds. SA Cilliers (BCVO) en br. SKB.Godschalk (ARSO) op die CO Deputaatskap te benoem.

2.1.2 Daar is deurlopend deur middel van die deputate skakeling met hierdie organisasies onderhou.

2.1.3 ARSO (Aksie Reformatoriese Skoolonderwys), die BCVO (Beweging vir Christelik Volkseie Onderwys), en die VCHO (Vereniging vir Christelik Hoër Onderwys) is aktief by die ontwikkeling van die Kernkurrikulum vir Bybelonderrig betrek. ARSO het groot insette in dié proses gelewer.

2.1.4 Die organisasies is ook genooi om hul aktiwiteite in *Die Kerkblad* bekend te stel en die saak sodoende onder die aandag van kerkrade en lidmate te bring.

2.1.5 Artikels oor verbondsonderrig in die skole, wat ook uitloop op 'n bekendstelling van ARSO, die BCVO en tuisskole, is in *Die Kerkblad* gepubliseer.

- 2.1.6 Op die nuutontwikkelde Tuisblad van die Deputate vir CO is daar spesifiek ook voorsiening gemaak vir ARSO, en verskeie ARSO dokumente is reeds daarop geplaas. Daar is ook voorsiening gemaak vir 'n direkte skakeling na die BCVO se Tuisblad met 'n wye reeks van volledige inligting oor beleidsdokumente en aktiwiteite.
- 2.1.7 Daar is met dankbaarheid kennis geneem van die voortgaande ontwikkelings binne en groei van die gereformeerde onafhanklike skole-inisiatief by ARSO en die BCVO. Daar vind werklik kosbare werk in die amp van gelowige hier plaas.
- 2.1.8 Dit is egter kommerwekkend dat daar tog nog 'n wydverspreide houding van onbetrokkenheid, apatie, en in sommige gevalle, selfs aktiewe weerstand teen onafhanklike gereformeerde skole ervaar word. Dit ondanks die Sinode 2000 se ondersteuning vir die onafhanklike skole-inisiatief asook die feit dat die GKSA sinodes vir dekades lank tot so onlangs as 1961 die beginsel van "staatsondersteunde Christelike/Gereformeerde onafhanklike skole" as norm gestel het.
- 2.1.9 Die VCHO (Vereniging vir Christelik Hoër Onderwys) het nie en bedryf nie eie skole soos ARSO en BCVO nie. Die VCHO ondersteun egter en werk saam met hierdie onafhanklike skole-inisiatiewe, maar stel hom ook ten doel om ouers met kinders in en onderwysers van staatskole in te lig en te bemagtig in hulle opvoeding en onderrig van kinders volgens die belydenis in 2 Tim 3:16 en 17: "Die hele Skrif is deur God ingegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk".
- In die bevordering van hierdie belydenis beywer die VCHO hom vir Gereformeerde opvoeding, Gereformeerde onderwys en Gereformeerde wetenskap. Daarvan getuig die artikels en standpuntstellings in sy lyfblad: "Roeping en Riglyne", wat drie keer per jaar verskyn sedert 49 jaar gelede.
- Die VCHO se tuisblad sal eersdaags gereed wees om leiding aan Gereformeerde onderwys en wetenskap in die huidige tydsgewrig van die Suid-Afrikaanse onderwys te gee. Soos gestel op ons onlangse vergadering in Potchefstroom sal die VCHO onderlinge skakeling tussen sy tuisblad en die tuisblaaie van die CO-deputate en onafhanklike skole verwelkom.
- Die VCHO se verteenwoordiger in Pretoria, mev. Linda Malan, lewer waardevolle dienste met betrekking tot Gereformeerde onderwys deur die reëling van simposiums oor aktuele onderwerpe en deur die voorsiening van relevante inligting en onderwysmateriaal aan u Deputate.

**Besluit:** Kennis geneem.

## **2.2 Sake waarvoor die Sinode moet besluit**

- 2.2.1 Dat verbondsouers opgeroep word om bestaande Christelike skole te handhaaf en uit te bou en / of waar enigsins moontlik onafhanklike gereformeerde skole te ondersteun en / of op te rig. (*vgl Merktekens van 'n Christelike skool op die webblad van die CO deputate*).

**Besluit:** Goedgekeur.

2.2.2 Gereformeerde en ander Christenonderwysers wat tans in staatskole met roepingsbewustheid en oorgawe (soms onder moeilike omstandighede) alles in die werk stel om die kurrikula in die Gawe van God se Woord vir kinders aan te bied. Dat Kerkrade in die lig van KO, artt.21, 41 en 44 toesien dat verbondsouers die gees en rigting van hulle kinders se totale opvoeding (ook in die skool) volgens hulle geloofsoortuigings/belydenis (die drie Formuliere van Eenheid) sal bepaal. Verbondsouers moet hulle doopbelofte nakom deur persoonlike betrokkenheid waardeur Christelike opvoeding en onderwys daadwerklik bevorder word (*vgl Sinode van Dordrecht 1618 en 1619 oor huis, kerk en skoolkategese*).

**Besluit:** Goedgekeur.

2.2.3 Dat Kerkrade verbondsouers aanmoedig word om hulle by die plaaslike skole te beywer dat die hele leerplan (in elke leerarea en vak) en al die skoolaktiwiteite Christelik sal wees.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig.

2.2.4 Dat Kerkrade in die lig van byvoorbeeld Ef 4:11 en 12, Titus 1:1-4, Deut 6, Luk 18:15-17 en KO, art.21, hulle verantwoordelikheid ten opsigte van verbondsouers nougeset sal nakom deur leiding aan lidmate / ouers te gee. So kan Kerkrade verbondsouers aanmoedig om 'n studiegroep binne of buite die gemeente te vorm wat:

2.2.4.1.1 inligting van die CO-deputate aan lidmate en ander belangstellendes deurgee,

2.2.4.1.2 verwickelinge en tendense, veral ten opsigte van die leerplan, monitor.

**Besluit:** Goedgekeur.

2.2.5 Die Sinode benoem weer verteenwoordigers van organisasies, wat hulle beywer vir onafhanklike Gereformeerde skole en onderwys, op die Deputate. (*soos bv. ARSO, die BCVO, die VCHO*).

**Besluit:** Goedgekeur.

2.2.6 Die Deputate gaan voort om Gereformeerde onderwys te bevorder deur met die genoemde organisasies te skakel, en Kerkrade en lidmate hieroor in te lig.

**Besluit:** Goedgekeur.

2.2.7 Dat die Deputate, in oorleg met die Deputate Inligtingstegnologie, die CO webblad so wyd moontlik bekendstel deur onder andere Kerkrade hieroor in te lig met die versoek om dit aan lidmate en ander belangstellendes deur te gee.

**Besluit:** Goedgekeur.

2.2.8 Om die saak van Gereformeerde onafhanklike skole wyd onder kerke en lidmate bekend te stel en hulle aan te spoor om dit aktief te bevorder.

**Besluit:** Goedgekeur.

2.2.9 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor Gereformeerde en ander Christenonderwysers wat tans in staatskole met roepingsbewustheid en oorgawe soms onder moeilike omstandighede alles in die werk stel om die kurrikula in die lig van God se Woord vir kinders aan te bied.

**Besluit:** Goedgekeur.

**3. Opdrag: “Om met ander kerke in IKOO-verband saam te werk. Met meewerkende kerke word steeds bedoel kerke met ‘n Gereformeerde belydenis.”(Acta 2000:337, 3.3)**

**3.1 Sake vir kennisname deur die Sinode**

**3.1.1 Afvaardiging**

Prof. PJ Mentz en ds. P Venter is deur die Deputate aangewys om as Deputate die Gereformeerde Kerke in die IKOO te verteenwoordig.

**3.1.2 Funksionering van die IKOO en uitsprake namens kerke**

Die Deputate het briewe van lidmate ontvang waarin beswaar aangeteken word teen uitsprake van die gewese voorsitter van die IKOO, dr. Ockie Raubenheimer, in die openbare media insake evolusie en sy vermeende betrokkenheid by die intergeloofs-beweging. Hierdie Deputate se verteenwoordigers het die betrokke punte met dr. Raubenheimer opgeneem en hy het hom daarvan gedistansieer.

Die Deputate het ook ‘n brief aan die IKOO Nasionaal gerig waarin die versoek gerig is dat persverklarings en ander handelinge van die voorsitter wat die kerke by implikasie betrek eers vooraf met die meewerkende kerke se verteenwoordigers uitgeklaar moet word.

**3.1.3 Samesprekings met die owerheid**

In 2000 het die IKOO deelgeneem aan ‘n gesprek met die Gauteng Departement van Onderwys waaruit ‘n samewerkingsooreenkoms ontstaan het tussen die departement en die kerke. Hierdie ooreenkoms het die kerke geensins verbind aan enige sake waarin hulle nie op Bybelse grondslag kon deelneem nie, maar het ‘n forum geskep waar die kerk konstruktiewe insette kon lewer.

In 2000 is ‘n brief aan Minister van Onderwys geskryf waarin die kerke se kommer uitgespreek is oor die hersiening van die godsdienskomitee se voorstelle aan die minister. Die minister het per brief geantwoord en die IKOO uitgenooi om deel te neem aan die gesprek en insette te lewer.

**3.1.3.1 Eerste gesprek met minister Kader Asmal**

Op 22 Augustus 2001 het die IKOO minister Kader Asmal ontmoet en ‘n memorandum aan hom oorhandig waarin die kerke se gesamentlike standpunt gestel is (Bylae 4).

Die minister het ter inleiding sy standpunte as volg gestel:

1. Dat Godsdiensonderrig op skool op ‘n baie lae standaard is en op ‘n diskriminerende wyse beoefen word.
2. Dat Godsdiensonderrig vanuit een of ander konfessionele hoek nie op skool toegelaat moet word nie.
3. Dat die skool die gemeenskap moet dien en nie die kerk nie.
4. Dat ‘n vergelykende, multigodsdienstige benadering in godsdienste-onderrig as akademiese vak aangebied moet word en nie Godsdiensonderrig vanuit ‘n spesifieke geloofsperspektief nie. Dit moet akademiese onderrig deur ‘n gekwalifiseerde onderwyser wees en gerig op die diversiteit van godsdienste in die land. Verder moet dit morele waardes onderrig en bevorder.
5. Dat hierdie godsdienste-onderrig ‘n kort, medium en langtermyn doelwit moet hê gerig op die daarstel van ‘n kurrikulum en die heropleiding van onderwysers.

6. Godsdienstige handeling op skool soos bv. saalopening, klasafsluitings ens. mag nie vanuit 'n spesifieke kerklike hoek aangebied word nie, maar moet gerig wees op sake soos eenheid, respek, gelykheid en ander sosiale waardes.

Die minister se adviseurs het sy benadering as **positiewe neutraliteit** bestempel.

U Deputate in die IKOO het baie duidelik standpunt teenoor die minister ingeneem. Die Deputate het vanuit ouers se grondwetlike regte, maar veral vanuit ouers se Godgegewe regte en verantwoordelikhede geredeneer en die minister op hoogte gebring van die kerke se siening ten opsigte van Godsdiensoonderrig. Uit die aard van die gesprek kon u Deputate nie in diepte al die belangrike perspektiewe uitlig nie en het ons probeer om in die taal en denkraamwerk van die politici tog 'n Bybels verantwoorde standpunt te stel.

Die afvaardiging het, bo en behalwe bogenoemde standpunte en versoeke, beklemtoon dat God se heerskappy oor alle terreine van die lewe strek en dat die opvoeding in die huis, kerk en skool nie van mekaar geskei kan word nie. Daarom het ouers die reg om hulle kinders volgens hulle geloof ook in skoolverband te onderrig en uit te leef. Godsdiensoonderrig gaan ook nie net om die vak Godsdiensoonderrig nie, maar om die verankering van die totale skoolonderrig in die Woord van God.

Die reg van die gemeenskap om die godsdienstige inslag van 'n bepaalde skool te bepaal met inagneming van die godsdienstvryheid van die individu is sterk onder die minister se aandag gebring. Die rol van die beheerliggaam om 'n godsdienstebeleid vir 'n skool vas te stel is onderstreep. Die minister het egter gesê dat daar prosesse in werking gestel is om die rol van die beheerliggame in skole aan te pas.

Hy het beklemtoon dat sy beleid oor Godsdiensoonderrig nog nie geformuleer is nie en dat hy nou in 'n proses van konsultasie met geestelike leiers tree en daarna sy beleid sal opstel. 'n Mens kan egter uit sy inleidende opmerkings reeds agterkom in watter rigting hierdie beleid opgestel sal word.

Tydens die ontmoeting met die minister het hy sy Manifesto aan die kerke oorhandig waarin die waardes wat in die onderwys oorgedra moet word, uiteengesit word. Hierdie dokument is die neerslag van die gespreksdokument oor waardes in die onderwys wat in 2000 uitgegee is en die Konferensie oor waardes in die onderwys wat in Februarie 2001 in Kaapstad gehou is. U Deputate het hierdie dokument beoordeel en op die CO tuisblad gepubliseer (Bylae 5).

#### 3.1.3.2 Tweede ontmoeting met minister Asmal

Op 14 Desember 2001 het die IKOO 'n tweede ontmoeting met die minister van onderwys gehad waar die kerke se standpunte weereens aan hom oorgedra is. Tydens hierdie vergadering het u Deputate ook 'n beoordeling van die Hersiene Kurrikulumverklaring wat deur die Deputate opgestel is, aan die minister oorhandig (Bylae 6).

Tydens hierdie ontmoeting het die minister die kerke uitgenooi om verteenwoordigers te nomineer om op 'n ministeriële adviesraad te dien. Prof. PJ Mentz is namens die Gereformeerde Kerke genomineer. Die minister het egter glad nie op hierdie nominasies gereageer nie.

U Deputate het ook, op uitnodiging van minister Asmal, 'n model vir godsdiensoonderrig opgestel en aan die minister gestuur (Bylae 7).



### 3.1.4 *IKOO en ander kerke se verklaring oor die onderwys*

Na aanleiding van die IKOO se ontmoetings met die minister en in gesprekke met ander kerke het die behoefte duidelik geblyk na 'n breër Christelike getuienis oor die onderwys teenoor die regering. Die IKOO het 'n Indaba gefasiliteer waarin 'n groot verteenwoordiging van verskeie Christelike kerke verkry is en waar 'n gesamentlike verklaring van Christelike kerke (Freedom of Religion in Education – a Statement by Christian leaders of South Africa) opgestel is en aan die minister gestuur is (Bylae 8).

### 3.1.5 *IKOO Jaarvergaderings en Onderwysberade*

3.1.5.1 Op 2 September 2000 het die jaarvergadering saamgeval met 'n simposium wat die Departement Bybelkunde aan die UP aangebied het met die tema: Het godsdiens 'n plek in Kurrikulum 2005? By hierdie jaarvergadering word ds. P Venter as ondervoorsitter van die IKOO verkies.

3.1.5.2 Die IKOO het 'n Onderwysberaad gehou op 20 Oktober 2001 te NG Kerk Monumentpark waar 'n verskeidenheid van onderwerpe oor die onderwys aangebied is. Prof. PJ Mentz, een van u Deputate het ook 'n referaat gelewer. 45 Mense het die beraad bygewoon.

### 3.1.6 *Ander sake deur IKOO hanteer*

In 2000 het die IKOO 'n geleentheid gefasiliteer waar die Deputate vir onderwys en jeug van die drie kerke saam besin het oor hulle werksaamhede.

### 3.1.7 *Ander sinodes se CO deputate betrek*

Die IKOO het besluit om die ander Sinodes van die NG Kerk, NH Kerk en die Gereformeerde Kerke te betrek by die aktiwiteite van die IKOO. Uit Sinode Middellande het ds. Abel Modise en ds. JAM Letsela as Deputate vir Christelike Onderwys twee vergaderings van die IKOO bygewoon en goeie insette gelewer. Uit Sinode Soutpansberg is gepoog om kontak te maak met ds. MS Nefefe, maar die pogings was onsuksesvol en die afstand wat die broers sou moes reis het fisiese teenwoordigheid onmoontlik gemaak.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 3.2 **Sake vir besluitneming deur die Sinode**

Dat weer met ander kerke, in die eerste plek van Gereformeerde belydenis, in die IKOO saamgewerk word en dat die Deputate van die ander Sinodes van die GKSA by die werksaamhede betrek word.

3.2.1 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit vir die Deputate, wat saam met ander kerke van Gereformeerde belydenis in IKOO-verband, 'n volgehoue getuienis en belangrike insette gedurende die afgelope termyn gelewer het.

**Besluit:** Met dank goedgekeur.

3.2.2 Die Sinode spreek sy gelukwense uit teenoor ds. P Venter wat as voorsitter van die IKOO verkies is.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.2.3 Dat weer met ander kerke, in die eerste plek van Gereformeerde belydenis, in die IKOO saamgewerk word en dat die Deputate van die ander Sinodes van die GKSA by die werksaamhede betrek word.

**Besluit:** Goedgekeur.

**4. Opdrag “3.4. Om deskundiges te koöpteer vir kurrikulering en onderrigmateriaal om lesmateriaal en handboeke vanuit Gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing te skryf**

**3.4.1. Om ander instansies wat reeds besig is met hierdie saak hierby te betrek.**

**3.4.2. Hoë prioriteit moet gegee word aan die ontwikkeling van lesmateriaal vir godsdiensonderwys/lewensoriëntering.**

**2.4.3. Dat werk van hierdie Deputate onder die aandag gebring word van kerkrade, lidmate en moontlike medewerkers in die lig van KO, art.21.**

**3.4.4. Dat die Deputate leiding bied aan Christenonderwysers ten einde hierdie lesmateriaal te implementeer.**

**3.4.5 Om by die ontwikkeling van bogenoemde materiaal ondersoek te doen na die moontlikheid van afstand- en tuisonderrig om die lesmateriaal ook by afgeleë punte te besorg” (Acta 2000:337, 3.4).**

**4.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem**

4.1.1 Op sy eerste vergadering het hierdie Kommissie oorweeg dat die opdrag wat die Sinode van 2000 hier aan die Deputate gegee het, eintlik eerder op die terrein van die amp van gelowiges lê. Ingevolge KO, art.30 behoort kerklike vergaderings [en per implikasie dus ook kerklike Deputate] slegs kerklike sake te behandel. Die ontwikkeling van lesmateriaal vir skole op sigself kan moeilik as ‘n kerklike saak beskou word. Kerklike verantwoordelikheid ten opsigte van die onderwys lê primêr in die kerkrade se verantwoordelikheid “om toe te sien dat ouers die skoolonderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied” [KO, art.21], en dat die amp van gelowige dus funksioneer. In die lig van die gegewe opdrag en die dringende nood wat in hierdie opsig bestaan, het die Kommissie voortgegaan om uitvoering aan die opdrag te gee.

4.1.2 Tydens die uitvoering van hierdie opdrag is instansies soos ARSO, BCVO en die VCHO aktief betrek. Verskeie vergaderings en werksessies is gehou. As uitgangspunt is geneem dat die materiaal wat op hierdie wyse ontwikkel word, vir gebruik in staatskole, in onafhanklike Gereformeerde skole en, waar enigsins moontlik, vir tuisonderrig geskik moes wees.

4.1.3 Die Kommissie het gemeen dat alvorens daar lesmateriaal ontwikkel kan word, daar eers ‘n kernkurrikulum ontwikkel moes word op grond waarvan die verdere lesmateriaal opgestel kan word. Gevolglik is met behulp met dr. IJ (Ico) Henning en betrokkenheid van al bogenoemde instansies ‘n volledige Kernkurrikulum vir Bybelonderrig vir gr. 1-12 ontwikkel. Die Kernkurrikulum sluit openbaringsgeskiedenis, kerkgeskiedenis, geloofsleer, kanoniek, Bybelse omgewingsleer, etiek en bespreking van hedendaagse godsdienstige strominge in.

4.1.4 Die Kernkurrikulum vir Bybelonderrig is elektronies beskikbaar, op die Deputate se Tuisblad geplaas en deur middel van *Die Kerkblad* aan kerkrade en lidmate bekend gestel.

Persone wat aangemeld het om met lesmateriaalontwikkeling te help word in Bylae 9 vermeld.

4.1.5 ‘n Begin is gemaak met die opstel van ‘n uitvoerbaarheidstudie vir die ontwikkeling van lesmateriaal gebaseer op die Kernkurrikulum. Dit het duidelik



geword dat so 'n uitvoerbaarheidstudie eintlik eerder op die pad van uitgewers en besigheidsmense lê as op kerklike Deputate s'n. In die lig van uitsprake van die Minister van Onderwys en 'n beleidsrigting waarin daar vir godsdiensoonderrig binne staatskole geen plek meer sou wees nie, is die uitvoerbaarheidstudie op ys geplaas. Daar word verwag dat nuwe beleidsriglyne in dié verband in Junie 2002 beskikbaar gestel sal word. Die Deputate sal daarna die implikasies hiervan vir dié werk oorweeg.

- 4.1.6 Die Deputate het ook in Desember 2001 kommentaar op die Staat se Hersiene Kurrikulumverklaring by die Minister van Onderwys ingedien, met besondere klem op Lewensoriëntering en Sosiale wetenskap (vgl Bylae 6).
- 4.1.7 Kennis is geneem en inligting is deurgegee in die Kerkblad oor die TO se Bateleurprojek. Die TO is tans besig met die skryf van nuwe handboeke. Deur middel van professore JL van der Walt en PH Stoker word kontak behou en insette gelewer. Bateleur se eerste reeks handboeke vir graad 8 het pas verskyn (is onmiddellik beskikbaar ) en kan bestel word by mev. H Pentz (012 348-9641). Die reeks bestaan uit 36 handboeke (Leerderboeke en Onderwysersgidse) wat oor al 8 leerareas strek en in beide Afrikaans en Engels beskikbaar is. Die reeks voldoen aan die vereistes van die nuutste konsep van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NVK).
- 4.1.8 Daar is met die Deputate vir Kategese en Jeugsorg gesprek gevoer oor nouer samewerking. 'n Samespreking tussen die Deputate vir CO, Kategese en Jeugsorg word beplan voor die Sinode. Daaroor sal in die Aanvullende Rapport gerapporteer word. Die behoefte is ook uitgespreek dat kategetiese materiaal 'n meer openbaringshistoriese benadering behoort te volg. Hierdie behoefte het tydens die ontwikkeling van die Kernkurrikulum vir Bybelonderrig duidelik geword.

**Besluit:** Kennis geneem.

## **4.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit**

- 4.2.1 Dat Kerkrade en lidmate kennis neem van die kernkurrikulum vir Bybelonderrig (graad 1-12) wat reeds opgestel en op die CO-deputate se webblad beskikbaar is
- 4.2.2 Dat die Deputate vir Christelike Onderwys opdrag kry om, waar die geleentheid hom voordoen, betrokke te raak by en ondersteuning te lewer aan inisiatiewe vir die ontwikkeling van lesmateriaal vanuit 'n Gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing.
- 4.2.3 Dat die Deputate ook opdrag kry om, onder andere, klem te lê op die toerusting van Kerkrade en lidmate ten opsigte van verbondsonderrig in die skole ingevolge Ef 4:11 en 12, en KO, artt.21, 41 en 44.
- 4.2.4 Die Deputate kry opdrag om die publikasies getitel die "Bateleur-reeks" van die TO op 'n deurlopende basis te evalueer ten opsigte van hulle lewensbeskoulieke inslag en Kerkrade en die volgende Sinode daaromtrent te adviseer.

**Besluit:** Goedgekeur.

## 5. Opdrag “3.5 Om aandag te skenk aan die onderwyssituasie in Namibië, Zimbabwe, Zambië en Malawi (verkieslik deur die koöptering van Deputatelede uit elke land indien moontlik)” (Acta 2000:337, 3.5)

“Hulp aan voornemende studente aan die PU vir CHO moet ook aandag kry.” (Acta 2000:352, 2.2.2)

### 5.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

#### 5.1.1 Namibië

Kontak is gemaak met dr. WC Opperman en br. A du Plooy. Uit die inligting van hulle bekom, die volgende:

Die staatskole het ‘n sekulêre basis. Daar is geen bevoorregting van enige godsdienstige groep nie. Engels is vanaf graad 4 die voertaal. Moedertaal (Afrikaans) slegs waar genoeg Afrikaanssprekendes is. Daar is beperkte inspraak vir ouers. Daar is ruimte vir Christelike onafhanklike skole. Daar is tans 13 Christelike onafhanklike skole in die land. Die meerderheid is by die VCAO (Vereniging vir Christelike Afrikaanse Onderwys) geaffilieer. Samewerking en onderlinge skakeling is goed. Fondse is min en te beperk om ‘n sentrale kantoor te vestig waaruit advies en leiding gegee kan word. Skakeling met die RSA is ‘n behoefte. Daar is ‘n *Teacher’s Union of Namibië* wat op Christelike grondslag funksioneer.

Die Christenouer het nog die geleentheid om iets te doen. Ouerbetrokkenheid en nouer skakeling tussen belangegroeppe sal geleenthede skep om die verantwoordelikhede ten opsigte van die onderwys vir die kinders na te kom.

#### 5.1.2 Zambië

Kontak is met br. SP Venter gemaak. Die volgende inligting is van belang:

Die breë onderwysbeleid in Zambië verbied nie Christelike onderwys nie en die standpunt van godsdiensooreenstemming bring mee dat Christene nie bo mense van ander gelowe voorkeur mag kry nie. Daar is wel Christelike onafhanklike skole maar die inhoud van leerplanne is nie bekend nie. Koste verbonde aan dié skole is egter baie hoog en dit maak die skole vir baie mense ontoeganklik. Meeste van die Gereformeerde lidmate se kinders is in Suid-Afrikaanse staatskole. Daar is ook ouers wat hulle kinders deur middel van rekenaargesteuende programme tuis onderrig. Meeste van die programme is in Engels. Ouers verlang meer inligting oor sulke programme in Afrikaans.

#### 5.1.3 Zimbabwe en Malawi

Geen kontakpersone kon vir die twee lande geïdentifiseer word nie. Die politieke onrus in Zimbabwe het ‘n baie negatiewe invloed op die gemeenskap veral op Christene gehad.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 5.2 Sake waarvoor die Sinode moet besluit

5.2.1 Dat die opdrag soos volg gekontinueer word:

5.2.1.1 Dat Kerkrade in Namibië daarop gewys word dat lidmate aangemoedig moet word om met onderwysinstitusies in die RSA te skakel (vgl CO webblad) met die oog op advies, ondersteuning en hulpverlening o.a. insake rekenaargesteuende programme.

5.2.1.2 Dat die skakeling met Gereformeerdes in buurlande verder uitgebou word.

**Besluit:** Goedgekeur.

**6. Opdrag “3.6 Om nuwe wetgewing oor onderwys wat uitgevaardig word te beoordeel, en leiding aan kerkrade, ouers en onderwysers te gee oor hoe om in die lig daarvan steeds doeltreffend te handel in belang van Gereformeerde onderwys. Die unieke aard van die Christelike geloof en – godsdiens moet steeds in Woord en Skrif bely word. Ouers moet aangemoedig word om dit te doen ook deur deelname aan die aktiwiteite van Gereformeerde of Christelike ouer- en onderwysersverenigings (Acta 2000:337, 3.6)**

#### **6.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem**

U Deputate het die volgende wetgewing en departementele onderwysdokumente beoordeel en leiding aan kerkrade, ouers en onderwysers in Kerkbladartikels en op die CO webblad gegee: Onderwysartikels in die Suid-Afrikaanse Grondwet, die Suid-Afrikaanse Skolewet, die Noordwes Onderwyswet, die Gauteng Onderwyswet, *Manifesto on Values, Education and Democracy, ministry of Education, August 2001* en op die voorgestelde Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring 30 Julie 2001 van die minister van Onderwys.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### **6.2 Sake waarvoor die Sinode moet besluit**

6.2.1 Dat nuwe wetgewing en beleidsdokumente wat oor onderwys uitgevaardig word, beoordeel word. Dat daar in die lig van die beoordeling leiding aan Kerkrade, ouers en onderwysers gegee word om doeltreffend in belang van Gereformeerde onderwys te handel.

6.2.2 Die unieke aard van die Christelike geloof en – godsdiens moet steeds in die Woord en Skrif bely word. Ouers moet aangemoedig word om dit te doen ook deur deelname aan die aktiwiteite van Gereformeerde of Christelike ouer- en/of onderwysersverenigings.

**Besluit:** Goedgekeur.

**7. Opdrag “3.7 Die nuwe Deputate word versoek om hulle opdrag (soos ontvang van Sinode 2000) op ‘n bevatlike manier aan die kerke bekend te stel in ‘n artikel in *Die Kerkblad* (Acta 2000:337, 3.7)**

Hierdie opdrag is uitgevoer en het in die tema-uitgawe van *Die Kerkblad* oor Christelike onderwys van 31 Januarie 2001 verskyn.

**Besluit:** Goedgekeur.

## **H. AANVULLENDE RAPPORT: DEPUTATE VIR CHRISTELIKE ONDERWYS**

### **1. Lys van artikels oor Christelike onderwys (vergelyk Rapport, 1.1 Bylae1)**

Bylaag 1 bevat artikels tot 5 Junie 2002. ‘n Lys van artikels wat in *Die Kerkblad* en *Vroueblad* na bogenoemde datum tot met die datum van hierdie Rapport verskyn het, word in Bylae 1A gegee.

**Besluit:** Kennis geneem.

## **2. Webblad vir Christelike Onderwys**

Met die ter perse gaan van hierdie Rapport was die webblad finaal ontwerp en deur prof. Hennie Kruger voorberei vir publiserings. U Deputate hoop dat die blad in Januarie 2003 ten volle sal funksioneer.

**Besluit:** Kennis geneem.

## **3. IKOO (vergelyk Rapport, 3)**

### *3.1 Adviserende Komitee vir godsdiens in die onderwys*

Die Adviserende Komitee vir godsdiens in die onderwys het op 10 September 2002 in Kaapstad vergader.

Professor Kader Asmal, Minister van Onderwys, het wye reaksie ontvang. Nominasies is ontvang van godsdienstige en ander organisasies vir die Ministerial Standing Advisory Committee for Religion in Education.

Volgens dr. Gustav Claassen, wat die IKOO verteenwoordig, is die Komitee ekumenies saamgestel uit kundiges van 'n verskeidenheid godsdienste en organisasies. Verteenwoordigers van onder meer die Judaïsme, Moslems, Hinduisme, Afrika Godsdienste, Rooms Katolieke, Metodiste en onderwysers-verenigings dien in die Komitee. Dr. Daniël Maluleke van die VGKSA is as voorsitter benoem.

Van die ander lede van die komitee is:

Me. Nokuzola Mndende, prof. Russel Botman, suster Margaret Kelly, biskop Busi Kumalo, mnr. Paul Farrel, professor Rambhujan Sitaram, shaikh Mohammed Faakiel Latief, rabbi Warren Goldstein, prof. Gerrie Lubbe, prof. Kobus Kruger, me. Tina Joemat, biskop Peter Storey, mnr. Edcent Williams en 'n verteenwoordiger van die onderwysersverenigings.

'n Raamwerk vir 'n makro besigheidsplan vir godsdiens in die onderwys is beskikbaar. Daarin word die beginsels vir die pad vorentoe, die onderskeid tussen godsdienstonderwys (religious) en die onderwys oor godsdienste (religion) sowel as die doel van godsdiens in onderwys uitgespel.

Die funksie van hierdie betrokke Advieskomitee is om die Minister van Onderwys onder meer te adviseer oor die implementering van die beleid met verwysing na die implikasies daarvan vir ontwikkelingsprogramme vir onderwysers. Dit sluit die kwaliteit, assesserings-standaarde en praktyke van godsdiensonderrig en verdere onderrigmateriaal in. Aandag gaan ook gegee word aan die godsdienstige byeenkomste (bv. skoolopeninge) in skole buite die kurrikulum en na ure.

Hierdie Komitee is vir drie jaar benoem en sal drie keer per jaar vergader.

**Besluit:** Kennis geneem.

## **4. Lesmateriaal (vergelyk Rapport, 4.1.8)**

### *4.1 Gesprek met Deputate Jeug en Katkisasie*

Op 10 September 2002 het 'n ontmoeting tussen verteenwoordigers van die Deputate CO GKSA en Deputate vir Jeug en Katkisasie op versoek van die Deputate vir CO plaasgevind. Laasgenoemde Deputate het versoek dat moontlike raakvlakke vir samewerking tussen die twee Deputategroepe bespreek word. Die gedagte van samewerking oor raakvlakke is positief deur die Deputate vir Jeug en Katkisasie ontvang. Daar is deur die afgevaardigdes van die twee Deputategroepe ooreengekom dat na afloop van die ontmoeting van 10 September 2002 'n aanbeveling deur die CO

GKSA Deputate voorberei word vir Sinode 2003. Die beoogde samewerking van die twee Deputategroepe hef nie die afsonderlike Deputategroepe wat elkeen 'n eie opdrag (fokus) en taak het, op nie.

#### 4.1.1 Gesprek oor raakvlak: Katkisasie en Bybelonderrig

Die Deputate vir CO het voorgestel dat die voltooide Kernkurrikulum vir Bybelonderrig as aanvullende leerstof in Katkisasie gebruik kan word. Uit die samespreking het dit geblyk dat daar beperkte tyd is tydens katkisasieklasse en alreeds oorgenoeg stof in die huidige katkisasiehandleidings vervat is. Dit sal baie moeilik wees om die Kernkurrikulum vir Bybelonderrig vanuit 'n Openbaringshistoriese benadering in die huidige katkisasiehandleidings in te werk.

Aangesien Bybelonderrig uit staatskole faseer word, en daar voortaan 'n multi-godsdiensbenadering in skole gevolg gaan word, sal hierdie Deputategroepe moet besin oor die beste wyse waarop hierdie leemte (vakuum) deur die kerk, die ouerhuis of die plaaslike skole ondervang kan word. Met die Kernkurrikulum as 'n moontlike vertrekpunt sal gepoog word om naas die katkisasiehandleidings weë te ondersoek hetsy in die ouerhuis of plaaslike kerke of by die plaaslike skole om 'n meer Openbaringshistoriese aanpak daar te stel. Dit sluit nie uit dat die nuwe katkisasiehandleidings vanuit 'n meer Openbaringshistoriese hoek geskryf kan word nie. Indien hierdie benadering gevolg word, sal die Bybel stelselmatig in die katkisasie deurgewerk word, wat katkisasiekinders se swak Bybelkennis baie kan verbeter.

Daar sal gepoog word om vanuit die geïntegreerde jeugbenadering wat die deputate vir Jeug en Katkisasie daargestel het, na raakvlakke te kyk, aangesien al twee Deputategroepe met verbondskinders werk.

Die Deputate vir Jeug en Katkisasie het versoek dat die Deputate vir CO-GKSA die neerslag van die gesprek in aanbevelings vir die Sinode saamvat.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 4.1.2 Die volgende aanbevelings word voorgelê:

4.1.2.1 Dat die Deputate vir Christelike Onderwys saam met die Deputate vir Katkisasie besin en strategies beplan om die leemte wat ontstaan het in staatskole as gevolg van die uitfasering van Bybelonderrig uit die nuwe kurrikulum, aan te spreek en daadwerklik poog om in hierdie leemte te voorsien met toepaslike toerustingsmateriaal of ander strategieë, hetsy vir gebruik in die ouerhuis, die plaaslike kerk of by die plaaslike skool.

4.1.2.2 Dat die twee Deputategroepe saam oor 'n strategie besin hoe sodanige toerustingsmateriaal op die effektiëste wyse deur die genoemde drie rolspelers (ouerhuis, kerk en skool) benut kan word. Die Kernkurrikulum vir Bybelonderrig wat deur die CO-deputate saamgestel is kan as 'n vertrekpunt dien vir sodanige toerustingsmateriaal vanuit bv. 'n meer Openbaringshistoriese benadering.

4.1.2.3 Die Deputate vir CO-GKSA ontvang opdrag om die twee Deputategroepe so spoedig moontlik na afloop van die Nasionale Sinode 2003 vir die sake hierbo genoem, byeen te roep.

**Besluit:** Goedgekeur.

## 4.2 *Evolusionisme in skoolleerplanne*

Die volgende inligting word vir kennisname aan die Sinode voorgelê.

### 4.2.1 Wat is evolusie?

Volgens die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) het die woord evolusie in die biologie die betekenis van “Ontstaan of totstandkoming van plant- en diersoorte, hetsy geleidelik of sprongsgewyse, uit ouer vorme”. Die WAT verduidelik verder: “Evolusie, soos ons tans verstaan, is ‘n veelomvattende begrip, daar dit die studie behels van daardie ontsaglike kompleks van natuurverskynsels wat gelei het tot die vorming en ontwikkeling van sonnestelsels en veral van dié wat die aarde insluit, asook die ontwikkeling van alle vorme van plant- en dierelewe wat op aarde voorkom”. Met ander woorde, evolusie behels vandag die wordingsgeskiedenis van die heelal, die aarde en alles wat op aarde is, ook van die mens met sy vaardighede, en sy verstandelike en geestelike gawes. Dit is dan ook die betekenis van die woord evolusie in die algemene omgangstaal, ook in die natuurwetenskappe sowel as in die geesteswetenskappe. Vir evolusie binne ‘n soort word die woord mikro-evolusie gebruik. Diegene wat nog die Bybelse skeppingleer aanvaar, tipeer wat gewoonweg onder evolusie verstaan word, met evolusionisme of ook evolusieleer. Evolusieleer is in feite materialistiese / naturalistiese ontstaansleer, m.a.w. die geloof dat die natuur die moeder is van alles wat bestaan.

### 4.2.2 Die evolusiedebat

4.2.2.1 Die volgende elektroniese omsendbrief van ‘n dosent verbonde aan die Universiteit van Natal is tiperend van die huidige openbare debat wat oorweldigend ten gunste van evolusie in skoolkurrikula is:

"Nothing in Biology makes sense except in the light of evolution" - Dobzhansky. Thanks to John Bolton for raising the important issue of the inclusion of evolution in the school curriculum. The revised national curriculum statement for Natural Science has recently been released, and has opened the door a little way to allowing teachers to introduce ideas about change in life over time in the General Education and Training Band. They avoid the big bad E word through an ingenious circumlocution: "The huge diversity of forms of life can be understood in terms of a history of change in environments and in characteristics of plants and animals throughout the world over millions of years". Oh well, at least the idea is there.

The process of writing the curriculum statements for Further Education & Training has begun, with a view to implementation in 2004. These statements will be available for public comment by September 2002. Professional biologists should take advantage of the opportunity to ensure that the central and most important theory of modern biology is clearly included in the new Biology curriculum for South African schools.

4.2.2.2 Op 11 Junie 2002 het daar in die *Volksblad* onder die opskrif: “Studie van evolusie in leerplan onmisbaar - die teorie hoeksteen van huidige biologiese kennis” verskyn, waaruit enkele paragrawe weergegee word:

"Enigeen wat die huidige skoolhandboeke oor algemene wetenskap en biologie lees, kan sien waarom leerlinge dié onderwerpe so vervelig vind. Die woorde 'Darwin' en 'evolusie' is nie eens in een van die huidige hoërskool-biologiehandboeke te vinde nie."



Só het dr. Jeffrey Lever, 'n konsultant van die navorsingsraad vir menslike wetenskappe (NRF), die naweek in Stellenbosch gesê op 'n konferensie oor onder meer die implikasies van menslike genoomnavorsing vir Afrika. "Ons skoolleerplan moet dringend gesuiwer word van die ergste apartheid-geïnspireerde materiaal. Die evolusie moet nie net 'n plek vind in biologie-onderrig nie, maar ook in geskiedenis- en selfs fisika- en aardrykskundeonderrig."

Lever is in sy siening gesteun deur die minister van onderwys, mnr. Kader Asmal. Laasgenoemde het in 'n toespraak wat op dié konferensie voorgelees is, gesê dat slegs "dogmatiese godsdienstiges" staan vyandig teenoor die evolusieteorie. Volgens Asmal vorm evolusie 'n sentrale deel van wat in die natuurwetenskappe onderrig behoort te word.

"Dié genetiese kennis kan kritieke gevolge hê vir die mens se begrip van wat hy is en waar hy vandaan kom," het prof. Wilmot James van die navorsingsraad vir menslike wetenskappe (NRF) gesê.

4.2.2.3 'n Soortgelyke gesprek oor *Evolusieleer in skole* is gevoer in *Oop Gesprek* op Radio Sonder Grense Sondagaand 1 Augustus 2000 *Die deelnemers aan die gesprek* was dr. Okkie Raubenheimer, destydse voorsitter van die Interkerklike Komitee vir Opvoeding en Onderwys (IKOO) en leraar van die NG Kerk Lynnwood, dr. Jurie van den Heever, dosent in vergelykende anatomie van werweldiere in die departement Dierkunde, Universiteit van Stellenbosch, en prof. Adrio König, professor in dogmatiek en etiek aan UNISA. (Kyk die weergawe van die gesprek en prof. PH Stoker se reaksie in *Die Kerkblad* 8 November 2000:14-16). Tydens die gesprek is gevra of ouers en die kerk bekommerd behoort te wees oor die aanbieding van evolusieleer op skoolvlak, veral in die lig van die kerk se eie kategetiese onderrig.

4.2.2.4 *Die Beeld* van 2002/08/19 het prof. PP Krüger se Brandpuntartikel "Ons eerste voorouers" wat in *Die Kerkblad* van 14 Augustus 2002 verskyn het, verkort geplaas. Die volgende reaksie van 'n briefskrywer tipeer die denke van sommige Christene vandag:

Dit is voldonge feite dat plante en diere en ander wesens oor miljoene jare ontwikkel het en dat daar baie meer spesies tot niet gegaan het as wat vandag bestaan. Dit is waar dat Darwin se leer van natuurlike seleksie 'n teorie is en nie 'n feit nie. Dit is net een van verskeie teorieë oor hoe evolusie plaasgevind het, maar dit is steeds die mees aanvaarbare volgens beskikbare feite en veral in die lig van verstommende ontdekkings in die genetica en die mikrobiologie - dinge waarvan Darwin self nog nie geweet het nie.

4.2.2.5 Vir die vak Biologie (Lewenswetenskappe), grade 10-12, skryf Kurrikulum 2005 (September 2002) drie onderwerpe voor: (1) Sel- en molekulêre studie, (2) Struktuur en funksie van organismes, en (3) Studie van die omgewing. Hierdie vak oorvleuel met alle ander vakke in grade 10-12, aangesien dit aan leerders die nodige kennis moet voorsien om lewensbronne en leefstelsels te bestuur. In Module 1 van die Studie van die Omgewing is die voorgeskrewe onderwerpe die Oorsprong van lewe en Evolusie (verandering van populasies in tyd, fossiele, oorsprong van spesies, ensomeer).

#### 4.2.3 Darwinistiese evolusie

Die evolusie wat gedebateer word en wat nou in die skoolleerplan ingevoer dien te word, is Darwinistiese evolusie. Vroeg in die negentiende eeu, toe geoloë al heelwat gegewens ter ondersteuning van opvolging van aardlae met fossiele van steeds meer gevorderde vorme van lewe na vore gebring het, het destydse voorpuntdenkers nie kon verklaar hoe evolusie kon plaasgevind het nie. Daar was geen voor die hand liggende wyse waarop een spesie tot 'n meer gevorderde spesie kon ontwikkel het nie. Darwin het dit alles verander deur sy teorie waarvolgens evolusie plaasvind deur die proses van *natuurlike seleksie*. Dit was goed bekend dat telers nuwe variëteite van honde, koeie, appels en rose teel uit klein veranderinge in opvolgende generasies. Darwin het voorgestel dat deur natuurlike seleksie klein veranderinge in opvolgende generasies sal groei tot groot afwykings vanaf 'n aanvanklike soort. Sodoende sou oor honderde miljoene jare elke soort (spesie) wat ons vandag op aarde waarneem, uit vroeëre spesies ontstaan het. Daarmee het Darwin die gedagte van evolusie aanvaarbaar gemaak, 'n teorie wat die samelewing vandag as 'n vanselfsprekend waarheid beskou, maar wat nie eksperimenteel vir geldigheid gekontroleer en bewys kan word nie.

#### 4.2.4 Wat is die Gereformeerde antwoord?

In die Lewenswetenskappe word feite binne 'n Darwinisties-evolutionistiese raamwerk ingeklee, maar al hierdie feite kry ewe-eens betekenis binne 'n Bybelse skeppings-raamwerk. Wat moet ons keuse wees? Die Bybel getuig baie duidelik dat alles deur God geskape is en nog steeds deur sy voorsienigheid onderhou en bestier word tot die voleinding. Dit word onder andere saamgevat in enkele artikels van die Nederlandse Geloofbelydenis:

NGB, art.2: "Ons ken Hom deur twee middele. Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld... Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend, en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort".

NGB, art.12: "Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgevind het, deur sy Woord, dit wil sê deur die Seun, die hemel en aarde en alle skepsels uit niks geskape het. Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien..."

NGB, art.13: "Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie maar dit volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie..."

NGB, art.14: "Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê goed, regverdig en heilig, sodat hy met sy wil in alles met die wil van God kon ooreenstem. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitmuntendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die

duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde en daarmee aan die dood en die vervloeking onderwerp... Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en die wil van God as Christus dit nie in die mens tot stand gebring het nie. Dit leer Hy ons as Hy sê: “*Sonder My kan julle niks doen nie*” (Joh 15:5).”

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 4.2.5 Vir besluitneming deur die Sinode

##### 4.2.5.1 Standpuntstelling teen evolusie leer in skole

Die Gereformeerde Kerke in SA maak beswaar by die regering teen die invoer van Darwinistiese evolusieleer as ‘n verpligte deel van die skoolkurrikulum vanaf 2004. Hierdie evolusieleer aanvaar dat alles wat vandag bestaan, op ‘n natuurlike wyse uit eenvoudiger soorte ontstaan het en dat God as Skepper nie hierin ‘n rol gespeel het nie. Dit neem nie die openbaring van God, soos Hy dit aan ons deur sy Woord en in die skepping openbaar het, in ag nie. Deur sy Woord het Hy dit aan ons geopenbaar dat Hy alles geskape het en alles onderhou en bestier volgens sy voorsienigheid. Dit is daarom onaanvaarbaar binne die raamwerk van ons Christelike geloofsoortuiging dat die natuur self sonder God se toedoen alles voortgebring het. Hierdie evolusionistiese beskouing wat op Christenkinders in die nuwe kurrikulum afgedwing word, is in stryd met die beginsel van Godsdiensvryheid wat in artikel 15 van die Grondwet gewaarborg word.

##### 4.2.5.2 Die Sinode besluit daarom

- 4.2.5.2.1 dat ouers hulle kinders moet toerus om die inhoud en uitkomste van die lesmateriaal binne die raamwerk van die Bybelse skeppingsleer hulle eie te maak teenoor die Darwinistiese evolusieleer. Dit geld ook die taal en idioom waarmee die lesmateriaal ingeklee word.
- 4.2.5.2.2 dat kinders aangemoedig word om hulle geloof ook in die klaskamer en in assessering van lesmateriaal te bely dat God alles geskape het en alles onderhou en bestier deur sy voorsienigheid, en dat die Darwinistiese evolusieleer daarom onaanvaarbaar is.
- 4.2.5.2.3 dat Christenonderwysers nie die Darwinistiese evolusieleer as ‘n waarheid sal aanbied nie as hulle gedwing word om dit volgens die kurrikulum te behandel. Christenonderwysers behoort hierdie teorie vanuit die Bybelse Skeppingsleer te weerlê en verbondskinders hierteen te waarsku.
- 4.2.5.2.4 dat onderwysers toegerus word om die Bybelse skeppingsleer teenoor die Darwinistiese evolusieleer en die materialistiese / naturalistiese ontstaansleer (die natuur is die moeder van alles wat bestaan) te stel; dat die Deputate aan Kerkrade en ouers, hieroor leiding bied
- 4.2.5.2.5 dat die besluit van hierdie Sinode oor hierdie saak aan alle Gereformeerde gemeentes, die IKOO en ander Christelike kerke deurgegee word, sodat ouers en onderwysers die saak met die plaaslike skole kan opneem in belang van Christenkinders.
- 4.2.5.2.6 dat hierdie besluit deur die Deputate op alle vlakke onder die aandag van die owerheid gebring word deur onder andere ‘n mediaverklaring staande hierdie Sinode uit te reik.

- 4.2.5.2.7 dat hierdie besluit onder die aandag van alle universiteite en kolleges, waar onderwysers opgelei word, gebring word. Die Deputate vir skakeling met die owerheid, ekumeniese weë gebruik waaronder die TKK/TKL en die Konvent.
- 4.2.5.2.8 dat hierdie verslag deur die Deputate verder verwerk word vir toerusting van ouers, onderwysers en Kerkrade.
- 4.2.5.2.9 dat die Deputate vir Katkisasie die weerlegging van die Darwinistiese evolusieleer in die katkisasiehandleidings inwerk om die evolusionisme vanuit die Bybel te weerlê.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### 4.3 *Lewensoriëntering: Gids vir Christenonderwysers IRS 1997, graad 1-3*

##### 4.3.1 Vir kennisname van die Sinode

Hierdie dokument lewer 'n belangrike bydrae tot lesmateriaalontwikkeling vanuit 'n Gereformeerde perspektief. By die ontbinding van die IRS is die kopiereg van hierdie dokument aan die deputate vir COGKSA oorgedra. Hierdie dokument moet egter in lig van die finale kurrikulum hersien word. Die Kommissie vir Lesmateriaalontwikkeling het ARSO genader met die versoek dat hierdie dokument deur ARSO hersien word. 'n Antwoord word nog afgewag.

**Besluit:** Kennis geneem.

##### 4.3.2 Vir besluitneming deur die Sinode

- 4.3.2.1 Die Sinode wens ARSO geluk met die publikasie “*Dit is gereformeerde onderwys – gereformeerde vakbenaderings*” en wil dit van harte vir ouers en onderwysers aanbeveel. Dat hierdie publikasie deur middel van *Die Kerkblad* wyer bekendgestel word.
- 4.3.2.2 Die Deputate ontvang opdrag om oor die hersiening van die *Gids vir Christenonderwysers (Lewensoriëntering: IRS 1997 Graad 1-3)* met ARSO in gesprek te tree. By die ontbinding van die IRS is die kopiereg van hierdie dokument aan die CO-deputate oorgedra. Die Deputate ontvang opdrag om oor die hersiening van hierdie dokument met ARSO te onderhandel en indien haalbaar, self af te handel. Die Deputate oorweeg ook verder om soortgelyke publikasies vir die ander grade aan te moedig en te ontwikkel en dat tendense in die ander leerareas van die nuwe kurrikulum in sodanige publikasie(s) uitgewys word. Hierdie publikasie(s) kan ook op die webblad van die CO-deputate geplaas word.
- 4.3.2.3 Die Deputate ontvang opdrag om die gesprek oor die hersiening van die *Gids vir Christenonderwysers (Lewensoriëntering: IRS 1997 Graad 1-3)* met ARSO op te volg met die oog op die spoedige afhandeling van hierdie belangrike saak. Indien ARSO nie kans sien om die hersiening af te handel nie, dat die Deputate sorg dat dit so spoedig moontlik gedoen word en dan verkieslik elektronies beskikbaar gestel word. Die Deputate ontvang opdrag om hierdie publikasie van die IRS (Instituut vir Reformatoriese Studies) [wat ook in Engels verskyn het en uitverkoop is], so wyd as moontlik na hersiening bekend te stel.  
**Opmerking:** By die ontbinding van die IRS is die kopiereg van hierdie dokument aan die CO-deputate oorgedra word. Hierdie publikasie(s) kan ook op die webblad van die CO-deputate geplaas word.

4.3.2.4 Die Deputate oorweeg verder om soortgelyke ‘publikasies’ (kan ook elektroniese uitgawes wees) ten opsigte van Lewensoriëntering vir die ander grade aan te moedig en te ontwikkel.

4.3.2.5 Die Deputate ontvang opdrag om nie-Christelike tendense in die ander leerareas van die nuwe kurrikulum op ‘n deurlopende basis uit te wys. Hierdie beoordelings kan ook op die webblad van die CO-deputate geplaas word.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### 4.4 *Publikasie van ARSO*

ARSO het onlangs 'n belangrike publikasie die lig laat sien naamlik “Dit is gereformeerde onderwys – gereformeerde vakbenaderings”. Hierdie publikasie verteenwoordig bykans 5 jaar se studiewerk om vir die agt leerareas van Kurrikulum 2005 ‘n eie vakfilosofie vanuit ons Christelike / Gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing te formuleer. Die Deputate oordeel dat hierdie publikasie baie bruikbaar behoort te wees vir onderwysers en ouers en word van harte aanbeveel. Dit kan as vertrekpunt dien vir ouers en onderwysers om die hele kurrikulum krities vanuit ‘n Christelik gereformeerde vertrekpunt te beoordeel en die Bybelse alternatief daarteenoor te stel. Dit kan bestel word by ARSO, Posbus 17338, PRETORIA-NOORD, 0116 of telefonies by 012-565 5131 of per e-pos by arso@lantic.net

**Besluit:** Kennis geneem.

### 5. PU VIR CHO (Rapport, 2.2.1.1.6)

U Deputate rapporteer graag oor die verdere ontwikkeling met betrekking tot die samesmeltings-proses van die PU VIR CHO met die UNW soos aan ons gekommunikeer deur die kantoor van die rektor, dr. Theuns Eloff op 4 Oktober 2002:

Verteenwoordigers van die PU vir CHO en die Universiteit van Noordwes (UNW) het die Minister van Onderwys op 1 Oktober ontmoet oor die kabinetsbesluit om die PU vir CHO en UNW te laat saamsmelt. Uit hierdie gesprek het die volgende na vore gekom:

- Die minister was positief oor die vordering wat gemaak is in die onderhandelinge tussen die PU vir CHO en UNW oor samesmelting.
- Die minister was buigsaam oor Afrikaans en oor ander administratiewe sake.
- Die minister het egter die feit van ‘n “unitêre samesmelting” beklemtoon en dat ‘n nuwe instelling nie maar die “status quo op ‘n meer diskrete manier” kan wees nie.
- Die minister het ook duidelik ‘n probleem met die Christelike karakter van die PU vir CHO (soos wat die UNW blykbaar ook het).
- Die minister vereis dat die “nuwe instelling” voorsiening moet maak vir die behoeftes van alle groepe, sonder om die waardes van die Grondwet aan te tas.
- Van die kant van die afvaardiging van die UNW is daar ‘n sterk beklemtoning van transformasie en hulle wil die “bagasie van die verlede” (lees Afrikaans en Christelik) met die vestiging van die “nuwe instelling” agter laat. Die PU vir CHO (by monde van die rektor) is egter vasbeslote om deur indringende onderhandelings aan hulle te wys dat Afrikaans deel van die toekoms is, en dat daar deur die nuwe instelling ruimte gelaat sal moet word vir die PU vir CHO (Potchefstroom) om 'n Christelike, maar inklusiewe karakter te behou. Die rektor beklemtoon egter dat dit baie energie en konstruktiewe, vars denke gaan verg om hierdie doelwit te bereik.



- Die rektor meen dat die ontmoeting met die minister konstruktief was en dat hierdie nie-konfronterende benadering ook 'n model kan word vir ander beoogde samesmeltings in die land.

Die volgende sake sal ook in die verdere gesprekke met die minister en met die UNW indringende aandag ontvang:

Taal; Institusionele kultuur en etos; Toeganklikheid en regstelling; Bevrediging van randvoorwaardes; en ander fundamentele en substansiële sake wat deur enige van die vennote geïdentifiseer word.

Die Sinode word die wysheid van ons alwyse God toegewens ook ten opsigte besluitneming oor hierdie Rapport oor Christelike onderwys.

## **I. SUBRAPPORT DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS: PU VIR CHO**

### **1. Opdrag**

Acta 2000:342, 2.2.1 tot 2.2.6.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem**

#### *2.1 Algemeen*

U Deputate het gereeld in Potchefstroom vergader en op 'n deurlopende basis gesprekke gevoer met verskillende partye wat 'n rol speel by die PU vir CHO oor die handhawing en die uitbou van die Christelike karakter van die PU vir CHO. Daar is gesprekke gevoer met prof. PH Stoker, verteenwoordiger van die Konvokasie op die Institusionele Forum, met prof. CJ Reinecke, die vorige rektor van die PU vir CHO, met prof. PJJ S Potgieter, van die Sentrum vir Geloof en Wetenskap (SGW), met prof. A le R du Plooy, rektor van die Teologiese Skool Potchefstroom (TSP), met dr. T Eloff, nuwe rektor van die PU vir CHO, asook met Gereformeerde studenteiers op die studenteraad en huiskomitees. Sake wat vanaf kerkrade ontvang is, is ook met die Kuratore, rektore (PU vir CHO en TSP) en SGW opgevolg.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### *2.2 Uitvoering van opdragte soos vasgestel deur GKSA Sinode 2000*

##### **2.2.1 “Opdrag 1**

**Om die Christelike-reformatoriese karakter van die PU vir CHO sover moontlik te bevorder en om Gereformeerde ouers aan te moedig om hulle kinders na die PU vir CHO vir verdere studie te stuur (Acta 1994:403)”**

##### **2.2.1.1 Sake waarvan die Sinode kan kennis neem**

Sake voortspruitend uit gesprekke met Rektor en studenteiers:

Daar is op verskeie geleenthede deur u Deputate gesprekke met die ou en die nuwe rektore van die PU vir CHO, met prof. PJJ S Potgieter van SGW, asook met Gereformeerde studenteiers op die Studenteraad en Huiskomitees, gevoer rondom die karakter van die PU vir CHO, asook oor alle relevante sake wat die verhouding tussen die universiteit en die kerke kan raak. Die sake waaraan aandag gegee is tydens hierdie gesprekke, is die volgende:



#### 2.2.1.1.1 Wat die Christelike karakter van die PU vir CHO betref:

- Volgens beide rektore neem die Universiteit die band met die Gereformeerde Kerke ernstig op en bevestig dat die TSP 'n belangrike plek in die Akademiese beoefening aan die PU vir CHO speel.
- Die Rektor van die PU vir CHO (Prof. CJ Reinecke) het erken dat die Christelike wetenskap in baie vakke nog nie behoorlik grondvat nie. Daarom word daar tans deur die PU vir CHO baie meer doelgerig en volgens 'n plan gewerk om die Christelike onderrig doelbewus in alle vakgebiede in te dra en te laat grondvat. In die verlede is daar nie doelbewus genoeg erns hiermee gemaak nie. Die PU vir CHO het deeglike introspeksie gedoen en selfs 'n vraelys deur alle nagraadse studente en personeel laat invul om hul mening te gee oor die wyse waarop die Christelike karakter in die onderskeie vakgebiede grondvat. Uit hierdie vraelyste was dit duidelik dat hieraan veel meer aandag gegee moet word. Die PU vir CHO het dit homself ten doel gestel om 'n konstruktiewe plan op te stel om grootliks in hierdie verband te verbeter. Tans is die proses aan die gang, wat tot in 2004 loop, waarin alle kurrikula herskryf word, sodat die Christelike karakter daarin vergestalt word. Dit geld ook vir alle Telematiese programme. Hierdie kurrikula word Fakulteit-spesifiek geformuleer sodat die inhoud van vakke, fokusareas en navorsing alles deur die diepgang (die wese) van die Christelike karakter ondervang word.
- Inskakeling van instellings soos Sebokeng en POK by die PU vir CHO het sonder die keuring van dosente geskied. Prinsipiële keuring kon nie hier geld nie, aangesien die inskakeling 'n opdrag van Staatsweë is. Alle personeel van die instellings moes dus bloot oorgeneem word. Die PU vir CHO verwag egter dat hierdie personeel die PU se karakter respekteer. Dit dien gemeld te word dat geen personeel die oorskakeling geweier het a.g.v. die Christelike karakter van die PU vir CHO nie.
- Oor die vordering van SGW met navorsing oor Christelike Onderwys op nagraadse vlak het prof. CJ Reinecke bevestig dat die PU vir CHO beplan om onbeskaamd die Reformatoriese, Calvinistiese standpunt in hierdie verband te bly stel. Die Universiteit het reeds by die CUGN (Christian University Global Net) aangesluit en is daarby geaffilieer.
- Wat betref die huidige posisie van Filosofie aan die PU vir CHO het Prof. CJ Reinecke gestel dat hier 'n nuwe uitdaging vir die PU vir CHO is. Die proses is reeds aan die gang om nuwe mense op te lei, wat nuut kan dink, sodat die departement weer 'n kragpunt vir die Christelike karakter kan word. Tans is een van die beste beskikbare kundiges as 'n medeprofessor aangestel om oor die volgende vyf jaar 'n kursus vir nuwe dosente in die Natuurwetenskappe te behartig.
- Tydens 'n gesprek met die (toe nog) rektor van die PU vir CHO aan die begin van 2001, het hulle die bewoording van die Christelike karakter van die PU vir CHO in die Statute selfs veel sterker gestel as wat voorheen die geval was en dat die vorige Privaatwet net so oorgeneem is en deur die Grondwet beskerm word. Ongelukkig moes ons later verneem dat die Parlement in November 2001 eensydig die privaatwette van alle universiteite bloot opgeskort het.

- Die nuwe rektor, dr. T Eloff, bevestig dat die Christelike karakter van die PUK ononderhandelbaar is. Maar dit is tyd dat dit inhoud kry, dit moet beter verstaan word en duidelik gemaak word dat dit gaan om toerusting van studente vir die lewe. Roepingsbesef moet veral baie aandag geniet, wat die saak van Christelike Onderwys sal bevorder wanneer dit in die praktyk toegepas sal word.
- Tans is daar 'n proses van wye konsultasie aan die gang om die hele saak van die universiteit se Christelike karakter en naam te bepaal in die lig van eksterne persepsies dat die taal en karakter dui op 'n universiteit wat CNO (sg "Apartheidsonderwys") bedryf.
- Prof. A le R du Plooy, rektor van die TSP, het bevestig dat die TSP ook indringend leiding gee aan die grondvat van die Christelike karakter in die onderrig by die PU.
- Prof. A le R du Plooy het ook uitgewys dat die nuwe onderrigstelsel nuwe uitdagings meebring. Aandag word spandeer om studente (voornemende predikante) opnuut te wys op die erns van KO, artt.18 en 21 in die lig van die veranderinge in die Onderwys.
- Die rektor TSP bevestig ook dat die TSP die kommunikasie na die kerke en ouers deur die besoeke aan streke en praatjies op Partikuliere Sinodes as baie belangrik beskou en dat daar reeds groot sukses hiermee bereik is.

#### 2.2.1.1.2 Kwaliteitskontrole en Strategiese Posisionering:

- Dr. T Eloff bevestig dat prof. CJ Reinecke (die vorige rektor) as konsultant aangestel is om aandag te gee aan die kwaliteitstelsel van die universiteit. Uitsette op alle terreine moet hoog wees. Om dit te kan bereik, moet kwaliteite gemeet kan word, soos bv. die hoeveelheid wetenskaplike artikels per dosent per jaar.
- Dr. T Eloff bevestig verder dat die PU vir CHO se Strategiese Posisionering vir die toekoms vir die Raad 'n groot prioriteit is. Die Christelike, Afrikaanse karakter moet bly, en die universiteit moet 'n baie ondernemende inslag ontwikkel.

#### 2.2.1.1.3 Gesprek oor SGW se taak

2.2.1.1.3.1 Die PU besef dat daar nie in die verlede genoeg gedoen is om te sê presies wat Christelike wetenskap en die grondslag daarvan is nie. (Met ander woorde: Hoe vind die Christelike neerslag in die wetenskapsbeoefening in die lesingsaal en in die praktyk op die kampus.) Daar is wel die afgelope 5 jaar veral moeite gedoen om op die Christelike onderbou te wys. In die verlede was die natuurwetenskappe bv. op 'n suiwer sekulêre wyse gedoseer. Die Christelike beginsels is wel aan studente oorgedra, maar sonder dat daardie beginsels in die onderskeie vakgebiede (in die meeste) grondgevat het.

2.2.1.1.3.2 As gevolg van bg. is daar besluit dat die wetenskapsbeleid van die PU vir CHO voortaan deur elke fakulteit in die kurrikula self ingeskryf sal word. Waar die staat universiteite verplig om uitkomsgebaseerde onderrig te implementeer, word die Christelike nou bygevoeg as 'n uitkoms wat in die kurrikula grondvat. A.g.v. die vereistes van UGO (uitkomsgebaseerde onderwys) word die totale onderrig van die universiteit tans herskryf in uitkomst en die PU vir CHO sorg (m.b.v. die SGW) dat in hierdie oorskryf die Christelike na behore grondvat. Die dekaan van elke fakulteit is hiervoor

verantwoordelik en die SGW het die "waghond"- en ondersteuningsfunksie ontvang t.o.v. hierdie taak om te verseker dat die Christelike lewens-en wêreldbeskouing in die wetenskapsbeoefening op 'n kwalitatiewe wyse geïntegreer word.

2.2.1.1.3.3 Die Advieskomitee vir Reformatoriese Wetenskap (ARW) is 'n komitee van die senaat waarvan die rektor die voorsitter is en waarop elke fakulteit verteenwoordig word. Hierdie komitee vergader twee keer p.j. en gee aanbevelings deur aan die senaat wat hieroor besluite neem. Hierdie besluite moet deur die SGW deurgevoer word.

2.2.1.1.3.4 Die taak van die SGW word op vier gebiede toegespits:

#### 2.2.1.1.3.4.1 Voorgraads

Hier is dit vir die SGW belangrik dat daar in die leerstof Christelike perspektiewe gegee word. (Voorgraads is die vak Wetenskapsleer steeds verpligtend en addisioneel toegevoeg tot die sillabus.) Daar word begin by die Wetenskap self (wat paradigmagedrewe is), maar uiteindelik uitgekóm by die lewens-en-wêreldbeskouing van die Christen.

#### 2.2.1.1.3.4.2 Nagraads

- Alle nuwe dosente moet vooraf 'n kursus doen in Christelike wetenskap. Hulle word verplig om die aangebode kursus(se) by te woon. Daar is ook voortdurend kursusse wat die SGW aanbied oor "grondslae van elke studierigting" in elkeen van die onderskeie vakgebiede.
- Daar bestaan 'n interdisiplinêre werksgroep tussen die natuurwetenskap- en teologiese fakulteite sodat die teoloë 'n reformatoriese blik kan help gee op die ander wetenskappe (en veral dan ook op die natuurwetenskappe).

#### 2.2.1.1.3.4.3 Internasionaal

Dosente word oorsee gestuur deur die SGW na oorsese reformatoriese konferensies waaroor weer verslag gedoen word aan die ARW.

#### 2.2.1.1.3.4.4 Jaarlikse CHO-prys

- Personeel word aangemoedig om te publiseer t.o.v. die CHO karakter van die PU om so sy eiesoortige karakter uit te bou.
- Prof. Johan de Klerk (Vakgebied: Wiskunde!!) het die prys vir 2002 ontvang. Hierdie is 'n aanduiding van die geslaagdheid van die SGW en die PU vir CHO se pogings die afgelope paar jaar om die Christelike in die onderskeie vakgebiede te laat grondvat.

#### 2.2.1.1.3.5 PU vir CHO en internasionale medestaanders

As gevolg van die telematiese Christelike gefundeerde onderwys waarby die PU vir CHO betrokke is, word daar wêreldwyd insette van medestaanders in Christelike Hoër Onderwys verkry. Daar bestaan 'n databank met name van geesgenote (universiteite, kolleges, ens.) wêreldwyd. Daar is tans veral 'n opbloei van Christelike universiteite in Oos-Europa (Praag, Moskou, ens.). In Indië alleen is daar 23 Christelike universiteite.

#### 2.2.1.1.4 Aanmoediging aan ouers

U Deputate het jaarliks 'n brief aan die kerke gestuur waarin lidmate ingelig is oor die belangrikheid daarvan dat hulle kinders aan die PU vir CHO kom studeer.

#### 2.2.1.1.5 Brief gerig aan kuratore

U Deputate het 'n brief aan die Kuratore gerig waarin navraag gedoen word oor die wyse van toesig van die kant van die TSP om Christelike Gereformeerde onderrig op

voorgaadse vlak te verseker. Hierdie brief is na 'n kommissie van die Kuratore verwys en daar is skriftelik reageer. Die Kuratore onderneem om hierdie saak in die agenda van die Nasionale Sinode van 2003 op te neem.

#### 2.2.1.1.6 Brief gerig aan vorige rektor van die PU vir CHO

'n Brief van dank is aan prof. CJ Reinecke gerig waarin groot waardering betuig word vir die werk (en spesifiek t.o.v. die uitbou van die Christelike karakter van die PU vir CHO) wat hy in sy ampstermyn verrig het, asook vir die wyse waarop hy bereid was om u Deputate te ontvang en saam te werk.

2.2.1.1.7 Oor die "naam", die taalbeleid en die beleid t.o.v. MIV van die PU vir CHO, asook die inskakeling van die Universiteit van Noordwes by die PU vir CHO sal in die Aanvullende Rapport rapporteer word.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 2.2.1.2 Sake waarvoor die Sinode moet besluit

2.2.1.2.1 Dat u Deputate voortgaan om op 'n deurlopende basis gesprekke te voer met die rektore van die TSP en PU vir CHO, met die hoof van die SGW, met studenteleiers en ander relevante persone rondom sake wat die Christelike, reformatoriese karakter van die PU vir CHO raak.

2.2.1.2.2 Dat daar met dank kennis geneem word van die hoë waardering wat die PU vir CHO het vir die rol wat die TSP aan die PU speel.

2.2.1.2.3 Dat die kerke met waardering kennis neem van die mate waarop die PU vir CHO homself opnuut oor sy Christelike, reformatoriese karakter verantwoord en baie moeite doen om op 'n konstruktiewe wyse die Christelike in elke vakgebied (ook in sy telematiese onderrig) neerslag te laat vind.

2.2.1.2.4 Dat die kerke kennis neem van die feit dat instellings soos Sebokeng en POK vanweë besluite deur die Parlement by die PU vir CHO ingeskakel is, sonder dat die PU enigsins self daarvoor kon besluit.

2.2.1.2.5 Dat die kerke die feit betreur dat die Privaatwet van die Universiteit op eensydige wyse deur die Parlement opgeskort is.

2.2.1.2.6 Dat daar kennis geneem word van die brief wat u Deputate aan die Kuratore gerig het insake die wyse van toesig om Christelike Gereformeerde Onderwys ook op voorgaadse vlak te verseker.

2.2.1.2.7 Dat daar met waardering en met dank kennis geneem word van die werk wat die vorige rektor, prof. CJ Reinecke, verrig het om die PU vir CHO en sy Christelike karakter te help uitbou.

2.2.1.2.8 Dat u Deputate op 'n jaarlikse basis steeds briewe aan kerkrade stuur waarin verbondsuers aangemoedig word om hulle kinders aan die PU vir CHO te laat studeer.

2.2.1.2.9 Dat dit weer onder die universiteit se aandag gebring word dat die jaarlikse leiersberaad (aan die einde van elke jaar) met die nuutverkose studenteleiers 'n ideale geleentheid bied om die Christelike karakter van die universiteit aan te spreek en om te besin oor die uitbou daarvan.

2.2.1.2.10 Dat kerkrade daarop gewys word dat hulle nie sake wat die verhouding tussen die kerke en die PU vir CHO raak, direk met die universiteitsowerhede sal opneem nie, maar dat hulle sover moontlik hierdie sake via die CO-deputate van die GKSA sal aanspreek.

**Besluit:** Goedgekeur.

## **2.2.2 “Opdrag 2**

**Om toe te sien dat die historiese band tussen die PU vir CHO en die Gereformeerde Kerke gehandhaaf word (Acta 1994:403) deur die Partikuliere Sinodes te versoek om die PU vir CHO uit te nooi om Partikuliere Sinodes toe te spreek en inligting te verskaf.”**

### **2.2.2.1 Sake waarvan die Sinode kan kennis neem**

Sake voortspruitend uit gesprekke met Rektore:

- Die rektor, prof. CJ Reinecke, het self daaraan aandag gegee dat inligting oor die PU vir CHO aan die Teologiese Professore beskikbaar gestel word vir oordraging aan die Partikuliere Sinodes.
- Die nuwe rektor, dr. T Eloff het hom ook hiertoe verbind.
- Prof. A le R du Plooy het ook die TSP se meewerking hierin bevestig. Hy onderneem ook dat die TSP jaarliks sal toesien dat die saak van die PU vir CHO jaarliks aangespreek word wanneer die TSP se professore die onderskeie Partikuliere Sinodes besoek.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **2.2.2.2 Sake waarvoor die Sinode besluit moet neem**

2.2.2.2.1 Dat die rektor van die TSP versoek word om toe te sien dat relevante inligting oor die PU vir CHO jaarliks deur die professore wat die onderskeie Partikuliere Sinodes besoek, oorgedra word.

2.2.2.2.2 Dat die professore van die TSP opnuut daarop gewys word om in die lig van KO, art.21 teologiese studente in te lig oor die verantwoordelikheid wat verbondsuers het t.o.v. die Onderwys van ons verbondskinders.

**Besluit:** Goedgekeur.

## **2.2.3 “Opdrag 3**

**Die CO-deputate bly steeds betrokke by die transformasieproses aan die PU vir CHO om die belang van die kerke daar te bevorder. Die doelwit van hierdie deelname aan die transformasieproses moet wees om alles in werking te stel om te verseker dat die Christelik-reformatoriese karakter van die PU vir CHO nie in die transformasieproses in gedrang kom nie.”**

### **2.2.3.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem**

2.2.3.1.1 Die moontlikheid om 'n rolspeeler op die BTF te word

- Die Institusionele Forum (IF) is as raadplegende liggaam ingestel om die Universiteitsraad te adviseer oor sekere beleidsbesluite. Dit volg op die Nuwe Nasionale Wet op Hoër Onderwys wat einde 1998 gepubliseer is. Daarvolgens is

die BTF opgehef en vervang deur die IF wat bloot 'n adviserende liggaam is wat, indien nodig, later komitees sal aanwys.

- Die CO-deputate het tans 'n rolspeler op die IF, nl. prof. Pieter Stoker. Hy monitor die situasie en sal relevante inligting deurlopend aan u Deputate deurgee.

#### 2.2.3.1.2 Oproep tot kerklike betrokkenheid in Konvokasie van die PU vir CHO

- Prof. PH Stoker, lid van die Konvokasie van die PU vir CHO wat die Konvokasie op die IF verteenwoordig, beklemtoon die noodsaak tot kerklike betrokkenheid in die Konvokasie. Tans is slegs 1 uit 4 predikante in die bediening lid van die Konvokasie. Meer predikante en lidmate van die GKSA moet aangespoor word om aan te sluit om te help verseker dat die PU vir CHO sy eiesoortige karakter bly behou.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.2.3.2 Sake waarvoor die Sinode besluit moet neem

2.2.3.2.1 Dat daar jaarliks 'n brief aan Kerkrade gerig word, waarin predikante en lidmate aangemoedig word om by die Konvokasie van die PU vir CHO aan te sluit.

2.2.3.2.2 Dat die professore van die TSP die teologiese studente aanmoedig om by die Konvokasie aan te sluit.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### 2.2.4 “Opdrag 4

**Om lidmate, kerkrade, die Fakulteit Teologie, die Kuratorium, Teologiese Skool en ander belanghebbendes te versoek om, waar moontlik, aan alle moontlike konsultasie rondom die transformasieproses van die PU deel te neem om te verseker dat die Christelik-reformatoriese karakter van die PU nie in die transformasieproses in gedrang kom nie.”**

#### 2.2.4.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

- Kontinuiteit vir die uitgee van vlugskrifte wat jaarliks uitgegee behoort te word, mag nie verloor word nie. Soos: die brief wat jaarliks aan st. 9 en 10 kinders uitgegee behoort te word (vlugskrif ter aanmoediging om aan die PU vir CHO te studeer), moet jaarliks aan kerkrade deurgegee word met die versoek dat die briewe aan sodanige kinders versprei sal word.
- Die Sinode 2003 word herinner dat die kontinuiteit hiervan nie verlore behoort te gaan nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.2.4.2 Sake waarvoor die Sinode besluit moet neem

Die opdrag word gekontinueer.

**Besluit:** Goedgekeur.



## **2.2.5 “Opdrag 5**

**Om, indien nodig, alle belangstellendes wat Reformatoriese onderwys voorstaan, byeen te roep.”**

### **2.2.5.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem**

Die Deputate vir CO het versoek om die rektor te ontmoet oor die verandering van die naam van die PU vir CHO. Die Deputate het op 19 Junie 2002 die Rektor van die PU vir CHO saam met die Kuratore ontmoet. By die ter perse gaan van hierdie Rapport was dit nog nie duidelik of 'n byeenkoms van belangstellendes wat reformatoriese onderwys voorstaan, later in die jaar nodig sou wees nie. Indien nodig sal in die Aanvullende Rapport oor hierdie saak gerapporteer word.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **2.2.5.2 Sake waarvoor die Sinode moet besluit**

Die Sinode gee opdrag aan die Deputate om, wanneer nodig, alle belangstellendes in Reformatoriese onderwys, insake die behoud van die PU vir CHO se karakter, byeen te roep.

**Besluit:** Goedgekeur.

## **2.2.6 “Opdrag 6**

**Om aandag te gee aan die toelating van studente uit Namibië tot die PU vir CHO, studiebeurse vir onderwysstudente, alternatiewe opleidingstegnieke soos afstandsonderrig per satelliet en ander moontlikhede.”**

### **2.2.6.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem**

- U Deputate versoek dat alle lidmate van die GKSA bewus gemaak word van die Pro Ecclesia Beursfonds wat gestig is om voornemende onderwysstudente te help. Daar bestaan egter 'n dringende behoefte aan fondse en lidmate moet aangemoedig word om hiervoor fondse te bewillig. U Deputate het ook verskeie skrywes in die verband aan alle kerkrade gerig. Teen Mei 2002 is daar slegs ongeveer R2 000 ingesamel, ten spyte van die herhaalde oproepe aan kerkrade om hierdie fonds te help propageer en uit te bou. (Ons kan volgens die Reglement alleen die rente van hierdie fonds aanwend ter uitbetaling van beurse. Indien ons 'n bedrag van R100 000 ingesamel het (teen 10% rente p.j.) bied dit aan ons 'n bedrag van R10 000 p.j. om as beursgeld uit te betaal.)
- Afstandsonderrig (Telematiese leersisteme) is nou beskikbaar en moet ook onder lidmate in afgeleë plekke se aandag gebring word. Dit sal ingesluit word in die beriggies wat elke Fakulteit van die PU vir CHO in *Die Kerkblad* gaan plaas.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **2.2.6.2 Sake waarvoor die Sinode moet besluit**

2.2.6.2.1 Dat *Die Kerkblad* versoek word om die onderskeie dekane van die PU vir CHO te nader en om aan hulle op 'n deurlopende basis in 'n artikelreeks die geleentheid te bied om kortliks te verduidelik hoedat hulle die Christelike lewens- en wêreldbeskouing in hul spesifieke vakgebiede integreer en Christelike wetenskapsbeoefening daadwerklik bevorder.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### 2.2.6.2.2 Wat die “Pro Ecclesia Beursfonds” betref

- a. Dat daar een verpligte kollekte per jaar (tot en met die volgende Nasionale Sinode in 2006) afgestaan word om hierdie fonds te help vestig en uit te bou.
- b. Dat alle Klassisse en Partikuliere Sinodes versoek word om ‘n bedrag per jaar (tot en met die volgende Nasionale Sinode in 2006) by te dra om hierdie fonds te help vestig en uit te bou.
- c. Dat die Beursfonds steeds met gereelde korrespondensie vanaf die Administratiewe Buro onder die aandag van Kerkrade en lidmate gehou sal word en dat Kerkrade aangemoedig sal word om bydraes te maak vir die belangrike saak.

2.2.6.2.3 Dat Diakonieë in die lig van KO, art.21 versoek word om behoeftige gemeentekinders te steun om in die Onderwys aan die PU vir CHO te studeer.

2.2.6.2.4 Dat Kerkrade die kinders in hulle gemeentes (met die nodige gawes en talente) aanmoedig om Onderwys te studeer, aangesien daar alreeds ‘n tekort aan goed-opgeleide Christen-onderwysers bestaan, en ‘n nog groter tekort binne die afsienbare toekoms voorsien word.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### 2.2.7 “Opdrag 7

##### **Om ondersoek te doen na TSP-dae wat gehou word deur die PU vir CHO.”**

Hierdie saak is bespreek met die rektor van die TSP (prof. A le R du Plooy). Professore van die TSP besoek die onderskeie streke in die land op ‘n deurlopende basis (daar is ‘n jaar of wat gelede met hierdie praktyk begin). Hierdie besoeke word as baie positief ervaar.

**Besluit:** Kennis geneem.

##### **2.2.7.1 Sake waarvan die Sinode kan kennis neem**

Uitgevoer onder opdrag 2.

**Besluit:** Kennis geneem.

##### **2.2.7.2 Sake waarvoor die Sinode moet besluit**

2.2.7.2.1 Dat die kerke met waardering kennis neem van die optrede van die TSP om streke te besoek en om op daardie wyse die TSP en die PU vir CHO “na die kerke toe te bring”.

2.2.7.2.2 Dat daar afgesien word van die hou van TSP-dae of van die moontlike veranderde inkleding van die jaarlikse Promosieplegtigheid, aangesien die TSP se jaarlikse besoeke aan die onderskeie streke die TSP en die PU vir CHO na die plaaslike gemeentes neem en aan hulle bekend stel.

**Besluit:** Goedgekeur.

##### **Samevattende aanbeveling**

Dat weer Deputate vir Christelike Onderwys aangewys word met die opdragte soos vervat in die hele Rapport hierbo.

**Besluit:** Goedgekeur.

## Lys van Bylae

- Bylae 1 Artikels Kerklike Tydskrifte
- Bylae 2 CO Webblad dokumente
- Bylae 3 Vorige Sinodebesluite oor onafhanklike skole
- Bylae 4 Standpunt van die IKOO oor Godsdiensoonderrig
- Bylae 5 CO Deputate kommentaar op Manifesto dokument
- Bylae 6 CO Deputate kommentaar op Hersiene Kurrikulumverklaring
- Bylae 7 CO Deputate se voorgestelde enkelgeloofmodel vir Godsdiensoonderrig
- Bylae 8 Verklaring van Christelike Kerke oor onderwys: Freedom of religion in Education – statement by Christian Leaders of South-Africa
- Bylae 9 Lesmateriaal / Kernkurrikulum: naamlys van medewerkers

## 18.2 RAPPORT DEPUTATE KATKISASIE (Artt.74, 149)

- A. Dr. G Breed stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Word verwys na die Kommissie : Jeug en Onderwys.
- C. Ds. IW Ferreira rapporteer namens die Kommissie : Jeug en Onderwys.
- D. Dr. G Breed kry geleentheid om oor die Katkisasiesillabus inligting deur te gee.

### E. RAPPORT

#### 1. Opdrag

- Voltooi nuwe katkisasie handleidings
- Win kommentaar oor die beskikbare Handleidings in, weeg dit en werk die hersiening van die handleidings in voordat 'n tweede opgaaf gedruk word
- Stel handleidings op internet beskikbaar

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

- Handleidings vir al die klasse is voltooi en beskikbaar gestel
- Kommentaar is by twee geleenthede van kerkrade gevra
- Kommentaar is oorwegend positief
- Alle kommentaar is oorweeg en bruikbare kommentaar sal by hersiening van handleidings gebruik word.
- Handleidings van Graad 1 en 2 is tans in proses van hersiening.
- 'n Byvoeging by elke handleiding word saamgestel om aan kinders 'n geheel oorsig oor die Bybelse geskiedenis te gee.
- Die beskikbaarstelling van handleidings op die internet het tot stilstand gekom omdat die persoon wat dit sou doen nie meer beskikbaar was vir die werk nie en daar nog nie weer iemand gevind kon word wat die taak kon oorneem nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **3. Sake waaroor die Sinode moet besluit**

3.1 Die Sinode wys weer Deputate aan met die opdrag:

- 3.1.1 om voortdurend kommentaar oor die beskikbare handleidings in katkisasie in te win en in die lig hiervan die handleidings, waar nodig, sal hersien
- 3.1.2 om nadat die saak van kopiereg ondersoek is, die handleidings op die Internet te plaas
- 3.1.3 om 'n handleiding te skryf wat aan kinders 'n geheeloorsig oor die Bybelse geskiedenis sal gee.

**Besluit:** Goedgekeur.

### **18.3 RAPPORT DEPUTATE JEUGSORG (Artt.76, 153, 205)**

- A. Ds. LJ Buys stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Word verwys na die Kommissie : Jeug en Onderwys. Sake met finansiële implikasies word verwys na die Kommissie : Finansies.
- C. Ds. IW Ferreira rapporteer namens die Kommissie : Jeug en Onderwys.
- D. Ds. EJ Tiemensma rapporteer namens die Kommissie : Finansies.

### **E. RAPPORT**

#### **1. Opdrag (Acta 2000:367, 4.1 en 368)**

- 1.1 Stel vir die doelgerigte toerusting van die kerkjeug en as hulpmiddel vir kerke programwenke vir jeugbyeenkomste saam.
- 1.2 Deur met toerustingsmateriaal, verder aan die noodsaak van die toerusting en opleiding van jongmense, wat met die jeugaktiwiteite leiding neem, aandag te gee.
- 1.3 Inisieer die samestelling van lektuur, veral vir naskoolse jeug en poog om lektuur ook vir blinde persone toeganklik te maak.
- 1.4 Dien as skakel met die Jeugkommissies van die NG en NH kerke en met ander binnelandse kerke rakende kerklike jeugsorg.
- 1.5 Bevordering van die sing van Psalms en Skrifberymings onder die jeug.
- 1.6 Dat die kerke in ander GKSA Sinodes bygestaan word in Jeugsorg indien hulle dit versoek.
- 1.7 Dat maksimaal van die internet gebruik gemaak word vir die verskaffing van hulp aan kerke in hul jeugsorg.
- 1.8 Dat die Deputate jaarliks jeugkampe inisieer met die oog op hulp aan kerke in hul jeugsorg.
- 1.9 Staan die kerkrade en hul jeugkommissies by d.m.v. publikasies, kursusse en advies deur die toerusting van o.a. ouers en jongmense. In hierdie toerusting kan aandag gegee word aan:
  - Die onsekerheid en trauma wat hedendaagse jongmense beleef.
  - Die geestelike weerbaarheid van jongmense en die praktyk van heiligmaking.
  - Die skep van gesonde verhoudings in die gesin, kerk, kerkverband, vriendskappe en met homself as persoon.
  - Die uitvoering van die roeping as koninkrykskind op alle terreine van die lewe.

- Die verering van God in die volle skopus van gemeenskapsbeoefening in die kerk, onderskeiding van valse godsdienste, groei in die verhouding met God, dissipline en vreugde van kerkwees en Gereformeerde identiteit.
- 1.10 Dat aandag gegee word aan die totstandkoming van 'n netwerk om die jeugaktiwiteite in die kerkverband te koördineer, wat so funksioneer dat dit kerke in hul jeugsorg op die bes moontlike manier bystaan.

**Besluit:** Kennis geneem.

## **2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem**

### *2.1 Samestelling van Deputate*

Ds. BR Kingma, die skriba van die deputate het vroeg in 2000 'n beroep na Bellville-Oos aanvaar. Sy verhuising het meegebring dat hy nie meer die vergaderings gereeld kon bywoon nie. Die Deputate het besluit om ds. JAT van Blerk van Wapadrant by die Jeugdeputate te koöpteer. Ds. LJ Buys is in ds. Kingma se plek as skriba aangewys.

### *2.2 Programwenke vir jeugbyeenkomste (Opdrag 1)*

Twee nuwe programwenke is deur die Deputate opgestel en gepubliseer, en een is uitgebrei.

- 2.2.1 Programwenk 6 wat oor kultusse handel is uitgebrei met 'n gebruikshandleiding, asook 'n meegaande video om dit meer toeganklik vir die jongmense te maak.
- 2.2.2 Programwenk 8, getiteld: "Bly, Blyer, Blyste", handel oor hoe die tiener blydschap in vandag se lewe kan vind.
- 2.2.3 Programwenk 9, getiteld: "Kom speel saam", is 'n samestelling van spanbou en kenmeekaarspeletjies wat met groot vrug tydens jeugbyeenkomste en kampe gebruik kan word.
- 2.2.4 'n Programwenk wat handel oor "Verslaafdes" is pas gefinaliseer en gereed vir publikasie.
- 2.2.5 'n Vraelys rakende die jeug se siening oor Suid-Afrika se politieke situasie sal DV met die treintoer in Julie 2002 uitgegee word, met die oog op 'n samestelling van 'n programwenk daaroor.
- 2.2.6 Twee programwenke word met die opstel van die rapport voorberei. Een handel oor: "Antwoord op jou roeping as koninkrykskind en 'n ander een oor "Die Laerskoolkind se belewing van die erediens".
- 2.2.7 Die Deputate sal DV voor die Sinode 2003 besluit watter van die vorige programwenke weer gepubliseer sal word.

### *2.3 Toerusting en opleiding van jeugleiers (Opdrag 2)*

- 2.3.1 Die kursus vir jeugleiers: "Jong lidmaat, Jong leier" is met groot sukses in Pietersburg aangebied.
- 2.3.2 Daar word beplan om dieselfde kursus voor die einde 2002 in Mpumalanga aan te bied.
- 2.3.3 Die Deputate het in samewerking van die Katkisasiedeputate 'n baie geslaagde jeugseminaar aangebied met die titel: "Geïntegreerde Jeugbediening: Wees deel van die nuwe momentum". Dit het plaasgevind op 18 en 19 Februarie 2002 in die Sinodesaal Potchefstroom. Die seminar is bygewoon deur ongeveer 100 predikante en jeugleiers en die volgende temas is aangebied:
  - 1) Inleiding oor geïntegreerde jeugsorg – Dr. DG Breed
  - 2) Profiel van die jeug – Dr. SJ van der Walt

- 3) Integrering van die gemeente in jeugwerk – Ds. BCG Fourie
  - 4) Integrering van die jeug in die liturgie – Prof. BJ de Klerk
  - 5) Integrering van die jeug in die gemeente – Ds. LJ Buys
  - 6) Integrering van die jeug en kategeese – Dr. G Breed
  - 7) Rolspelers in geïntegreerde jeugbediening – Ds. JAT van Blerk
  - 8) Beplanning van 'n bedieningstrategie – Dr. DG Breed
- 2.4 *Samestelling van lektuur vir naskoolse jeug (Opdrag 3)*  
Drie publikasies het die lig gesien; nl.
- 2.4.1 “Waarom Gereformeerd?” wat veral die naskoolse jeug bereik met al hul hedendaagse vrae oor 'n Christelike lewenswandel.
  - 2.4.2 “Die evangelie oor kinders vir kinders” is daarop gemik om die waarhede van die Bybel op 'n gepaste wyse vir die kleiner kind oor te dra.
  - 2.4.3 “Soeklig op Efesiërs” wat die huidige reeks Soeklig boekies uitbrei.
  - 2.4.4 Daar word met die opstel van hierdie Rapport hard gewerk om die volgende temas gereed te kry vir publikasie:
    - 2.4.4.1 Verinniging van die gesin se verhouding met die Here
    - 2.4.4.2 Feite, gevare en optrede rondom Vigs
    - 2.4.4.3 Trauma na egskeiding
    - 2.4.4.4 Die gevaar van molestering en optredes daarna
    - 2.4.4.5 Proses van heiligmaking
    - 2.4.4.6 Die Moslemgeloof
    - 2.4.4.7 Dissipline en vreugde van Kerkwees
  - 2.4.5 Die meeste van die publikasies is vir blindes beskikbaar gestel
- 2.5 *Skakel met jeugkommissies van NH, NG en ander binnelandse kerke (Opdrag 4)*  
Dr. Breed het in 2000 en 2001 die NH en HG kerke se byeenkomste in Pretoria bygewoon. Hy het ook as waarnemer gedien by Radio kansel met die oog op jeugdag 2002. Die NGK is met die opstel van hierdie Rapport besig met 'n ondersoek, om die sinvolheid van die jeugbyeenkomste te ondersoek om dan hul bevindings aan die ander kerke deur te gee.
- 2.6 *Bevordering van die sing van Psalms en Skrifberymings (Opdrag 5)*  
Daar word tans gewerk aan 'n publikasie wat die agtergrond van die Psalms, die ooreenkomste en verskille tussen die Psalms in die Psalmboek en die in die Bybel uit te lig. Dit word gedoen om die jeug se belangstelling in Psalms te prikkel en om die betekenisvolheid van die Psalms by hulle tuis te bring. Tydens al die kampe wat deur die Deputate gereël is, asook tydens die treintoer, is moeite gedoen om vir die jongmense 'n liefde vir die sing van Psalms te kweek. Tydens hierdie geleenthede het dit geblyk dat, wanneer die jongmense gelei word om die Psalm te sing, hulle dit werklik geniet.
- 2.7 *Bystaan van ander GKSA Sinodes in jeugsorg (Opdrag 6)*  
Die Deputate was altyd gereed om 'n versoek van die ander Sinodes te hanteer.
- 2.8 *Maksimale gebruik van internet (Opdrag 7)*  
Die Deputate het ver gevorder met die oprigting van 'n tuisblad op die internet. Dit word tans in samewerking met die GKSA tuisblad gefinaliseer. Die volgende sal op die tuisblad beskikbaar wees: Laerskool jeug word ook in gedagte gehou met die opstel hiervan.



- 2.8.1 Die titel en 'n prikkelstukkies van elke publikasie van die Jeugdeputate.
- 2.8.2 Gedagtes vir elke dag, met die naam, "Lig vir my pad".
- 2.8.3 'n "Clipboard" waar kinders vrae kan instuur, genaamd, "Ek wil weet". Hiervoor is 30 predikante geïdentifiseer om die vrae te hanteer.
- 2.8.4 Aktiwiteite onder sorg van die Jeugdeputate, bv. kampe, genaamd, "Nuusflitse – deputate".
- 2.8.5 Aktiwiteite binne kerkverband, bv. hul jaarprogramme, genaamd, "Nuusflitse – gemeentes".
- 2.8.6 Kontak tot lewendige gesprek, genaamd, "Kletskamer"
- 2.8.7 Advertering van werksgeleenthede vir jongmense vanuit die gemeentes.

### 2.9 *Inisieer jeugkampe (Opdrag 8)*

Onder leiding van die Deputate is daar vir die jare 2000 en 2001 algemene temas vasgestel vir aanbieding in die onderskeie sentra waar jeugkampe gehou word. Die datums is nie voorgeskryf nie, aangesien elke streek se kalenders hieroor verskil. Die temas is as volg:

- 1) 2000: "Laai jou las af – nou". Hierdie tema het gefokus op die ware weg tot skuldvergifnis en die vreugde van ware skuldvergifnis.
- 2) 2001: "Konings of slawe". Hierdie tema het daarop gefokus dat elke kind besef hy/sy is 'n koninkryksburger met 'n roeping.

Met die uitsondering van 'n paar, het die meerderheid kampe plaasgevind. Elke streek is onder die Deputate verdeel om dit te koördineer.

Terugvoering wat die Deputate van die verskillende organiseerders ontvang het, het die volgende belangrike sake uitgelig.

- 1) Die jeug het steeds 'n soeke na die waarheid en om dit deel van hul lewe te maak.
- 2) Die behoefte is dus daar dat die kampe jaarliks voortgesit moet word.
- 3) Meer tyd moet bestee word aan die opleiding van groepleiers.

Vir 2002 is die nasionale "Klein maar getrein" treintoer beplan. Dit vind DV plaas van 3 tot 12 Julie 2002. Daar is 340 hoërskoolkinders, 30 studente as groepleiers, 10 predikante en hul vrouens en 'n bestuursspan wat saamgaan. Die trein vertrek in Pretoria, stop uiteindelik in Walvisbaai en volg dieselfde roete terug. Op Windhoek laai ons 30 kinders van Namibië op wat die deel van die toer met ons meemaak. Soos wat ons by dorpe aandoen, voorsien die gemeentes ons met die nodige kosse.

Alle toerusting word op die trein gedoen en die temas is as volg:

Toertema: "Geroepe jongmense sal 'n verskil maak"

Tekstema: "Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het". Ester 4:14

Aanbiedingstemas:

- 1) Soos jy lyk, so leef jy – Dr. DG Breed. Hier gaan dit oor die paradigmas en perspektiewe waaruit jy die lewe beskou.
- 2) Jy kan 'n verskil maak – Ds. DJ de Kock. Die tema fokus op jou roeping en Roepingsbewustheid.
- 3) Slagoffertjies verdrink, maar deur die Gees gebeur dinge – Ds. LJ Buys. Hier gaan dit oor jou antwoord op jou roeping in 'n pro-aktiewe lewenstyl.

- 4) My kop is klaar geswaai, niemand kan met hom smokkel nie – Ds. HPM van Rhyn. Die tema gaan oor versoekings wat jy met die suiwer leer moet beveg.
- 5) Moenie jou deur vir tydvrates oopmaak nie – Ds. P Venter. Die tema fokus op jou tydsbenutting en prioriteitsbepaling.
- 6) Sneeuwitjie met die sewe oortjies en agt skroepemmers gaan 'n verskil maak – Ds. PA Coetzee. Hier gaan dit oor die waarde van saamwerk met ander in 'n groep.
- 7) Die GKSA: Klein genoeg om om te gee en groot genoeg om 'n verskil te maak – Ds. BCG Fourie. Die tema fokus op ons kerk wat na binne en na buite gerig moet wees.
- 8) Erediens te Swakopmund – Ds. J van Schaik.
- 9) Oordenking te Walvisbaai – Ds. AH Stavast.

Met hierdie toer word daar geskiedenis gemaak, met die eerste van sy soort, asook die eerste keer dat die GKSA jeug van RSA en die van Namibië amptelik saam byeenkom.

#### 2.10 *Toerusting aan ouers en jongmense (Opdrag 9)*

Hierdie opdrag word as 'n aparte opdrag geskrap, aangesien die inhoud daarvan hoofsaaklik in opdragte 1, 2 en 3 behandel is.

#### 2.11 *Oprigting van internet netwerk (Opdrag 10)*

Die Deputate het ver gevorder met die samestelling van 'n netwerk, bestaande uit e-pos adresse vir elke kerk. Die inligting is geweldig baie en dit verander ongelukkig gereeld. Die korresponderende kerkrade van elke Klassis en Part Sinode is gekontak om elke kerk se besonderhede deur te gee en op datum te hou. Namate die webblad vorder, sal die waarde van hierdie kommunikasienetwerk benut word.

#### 2.12 *Aanbevelings van die adviseurs van die Jeugdeputate*

Die Deputate het in Februarie 2001 saam met die volgende adviseurs vergader: Prof. BJ de Klerk, ds. BCG Fourie, wyle dr. AGS Venter en dr. SJ van der Walt. Hulle het die Deputate met advies bedien, waaruit die volgende publikasies voortgevloei en besig is om gefinaliseer te word.

- 2.12.1 Evangelisasiehandleiding aan die hand van die kategismus wat gerig is op die matriekkind wat afdwaal. Die titel is: "Moet ek die evangelie aan Cleo verkondig?".
- 2.12.2 Evangelisasiestuk wat gerig is op die werkende jeug
- 2.12.3 Metodiek van hantering van die Belydenisklas volgens die kategismus.
- 2.12.4 'n Eenvoudige boek wat die inhoud van die NGB, HK en Dordtse leerreëls meer verteerbaar vir kinders aanbied. Die Gereformeerde leer word in vraag en antwoord vorm hierby ingevoeg.
- 2.12.5 Metodiek van Bybellees vir kinders
- 2.12.6 Program vir Bybelvasvrae vir kinders
- 2.12.7 Advertensieblad wat al die publikasies van die Deputate sal bemark
- 2.12.8 'n Projek oor die simboliek van die liturgie wat op "Powerpoint" aangebied kan word, om die erediens vir die kinders meer betekenis te gee.
- 2.12.9 'n Toerustingstuk wat aan diakonieë gerig word, sodat hulle die jeug kan betrek by trauma in die gemeente en omgewing, met die oog op groter dankbaarheid by die jeug vir hul genade wat hulle ontvang het en om die sg. kla-kultuur die nek in te slaan.
- 2.12.10 'n Publikasie wat die kwessie van rolmodelle en enkelouerskap aanspreek

- 2.12.11 'n Publikasie wat die dilemma van die afwesige pa en ma in vandag se besige samelewing aanspreek.
- 2.12.12 'n Stuk oor natuurbewaring en omgewingsbewustheid
- 2.12.13 'n Landswye kompetisie onder die Gereformeerde jeug, vir 'n slagspreukantwoord op die vraag: "Waarom is ek dankbaar dat ek Gereformeerd is?". Die wenslagspreuk kan op 'n plakkaatreeks gedruk word om die bewustheid van die Gereformeerde kerk onder die jeug aan te wakker.
- 2.12.14 Skakeling met die Gereformeerde kinders in London en ander oorsese stede met die hulp van e-pos en die webblad.
- 2.12.15 'n Stuk om die jeug bewus te maak van sy/haar integriteit as Christen en ambisie wat daaruit voortvloei.

**Besluit:** Van die hele 2 word kennis geneem.

### 3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Dat die Sinode die optrede van die Deputate Jeugsorg goedkeur.

**Besluit:** Goedgekeur.

### 4. Aanbevelings

Die Sinode benoem weer Deputate vir Jeugsorg met die volgende opdrag.

- 4.1 Dat hartlike dank en waardering teenoor die Deputate betuig word vir die groot werk wat in die afgelope termyn gedoen is.
- 4.2 Dat afsonderlike Deputate vir Jeugsorg benoem word, wat uit vyf lede sal bestaan.
- 4.3 Dat hierdie Deputate ten nouste met die Deputate vir Katkisasie en die Deputate vir Christelike Onderwys sal saamwerk.
- 4.4 Dat ter wille van die doelgerigte toerusting van die kerkjeug en as hulpmiddels vir kerke, die Deputate programwenke vir jeugbyeenkomste sal saamstel.
- 4.5 Dat deur middel van toerustingsmateriaal ook vir die toerusting en opleiding van jeugleiers (jongmense wat met jeugaktiwiteite die leiding kan neem) voorsiening gemaak word.
- 4.6 Dat lektuur wat veral fokus op naskoolse jongmense ook saamgestel word. Dit moet verkieslik ook vir blindes toeganklik wees.
- 4.7 Dat hierdie Deputate rakende die saak van jeugsorg sal skakel met die jeugkommissies van die NG, NH en ander binnelandse kerke.
- 4.8 Dat hierdie Deputate die sing van Psalms en Skrifbelyninge onder die jeug sal bevorder.
- 4.9 Dat die kerke in ander Sinodes op versoek bygestaan sal word indien hulle hulp met jeugsorg verlang.
- 4.10 Dat maksimaal van die Internet en e-posadresse gebruik gemaak word in die verskaffing van hulp aan kerke met hulle jeugsorg.
- 4.11 Die Deputate bied jaarliks jeugsametrekke ook op nasionale vlak aan waaronder die maandelike treintoer, met die oog op hulp aan kerke met hulle jeugsorg.

**Besluit:** Goedgekeur.

4.12 Dat die Deputate finansiëel in staat gestel word om 'n eie webblad te vestig.

**Besluit:** Dat die koste hieraan verbonde by die begroting van die Deputate Jeugsorg ingesluit word en met die verkryging van verdere kwotasies by die Bestuur van die Administratiewe Buro vir goedkeuring ingedien word.

- 4.13 Dat die seminaar oor geïntegreerde jeugbediening wat in Februarie 2002 aangebied is, weer in 2003 aangebied word om ander predikante en jeugwerkers die geleentheid te bied om die toerusting te bekom.
- 4.14 Dat hierdie seminaar uitgebrei word om ook jeugwerkers en volwassenes toe te rus om die beginsel van geïntegreerde jeugwerk in die praktyk vir implementering in gemeentes toe te pas.
- 4.15 Dat 'n afsonderlike seminaar aangebied word met die oog op die aktiewe deelname en funksionering van naskoolse jongmense in die gemeente.
- 4.16 Dat die Deputate die wenslikheid en werkbaarheid van 'n "*diensjaar-aksie*" vir Gereformeerde naskoolse jongmense sal ondersoek en indien haalbaar, op 'n Gereformeerde wyse sal inklee en dan implementeer.

**Besluit:** Goedgekeur.

- 4.17 Dat indringend gefokus word op hulp aan gemeentes met betrekking tot die toerusting aan die verbondsouers insake hulle verbintenis tot die verbondsoopvoeding van hulle kinders. Hierdie toerusting moet ook fokus op die voorskoolse jeug en op die ouer se rol om in woord en voorbeeld die kinders te begelei tot aktiewe deelname aan gemeente-aktiwiteite.
- 4.18 Dat die finansiële state van die treintoer sodra dit beskikbaar is as Bylae tot hierdie Rapport bygevoeg word.

**Besluit:** Goedgekeur.

## **F. AANVULLENDE RAPPORT**

### **1. Die volgende word gerapporteer onder Opdrag 8, (2.9)**

Aangaande die "Klein maar getrein" treintoer vir hoërskoolleerlinge.

- 1.1 Die toer het van 3 tot 12 Julie 2002 plaasgevind. Te oordeel aan die evalueringvorms, die geweldige positiewe terugvoer van die kinders self, die ouers, die predikante van die kinders wat die toer meegemaak het, lidmate en mense uit ander kerkverbande, was die toer 'n reuse sukses en het in alle opsigte die grootste verwagtings oortref.
- 1.2 Al die doelwitte wat gestel is om met die kinders te behaal, is bereik. Dit is geëvalueer op die vlakke van toerusting, geestelike groei, gemeenskap met die heiliges, dissipline, ontspanning en belewenis van 'n grootse gebeurtenis as Gereformeerdes in die skepping van God. Daar was 'n groot uitreikaksie in Windhoek, waar die kinders werklik die lewens van bejaardes en minder bevoorregtes verryk het en daardeur self 'n wonderlike openbaring beleef het.
- 1.3 Na fyn finansiële beplanning en besteding, het die toer van 'n begroting wat meer as R500 000 beloop het, op 'n baie gesonde basis afgesluit. Die boeke is reeds deur 'n eksterne instansie geaudit. Ons beplan nog as afronding om die fondse aan te wend om die toerustings en Bybelstudieboekies wat die kinders op die toer gebruik het af te rond en te herdruk om as 'n programwenk aan al die kerke beskikbaar te stel. Daar word ook aanbeveel dat die video wat tydens die toer vervaardig is, op aanvraag aan gemeentes beskikbaar gestel kan word.
- 1.4 'n Besondere woord van dank aan ons Voorsitter, dr. Douw Breed wat nie net die toer geïnisieer het nie maar ook voorsitter was van die hele reëlingskomitee wat verantwoordelik was vir al die beplanning en reëling van die toer. Hy, sy vrou Elize, en die puik komitee het geweldig baie ure spandeer om al vooraf wiewe op die regte

spoor te hou, sodat die regte treinwiele uiteindelik kon rol. Ons dank die Here vir die gawes wat hulle ontvang het om van hierdie groot saak 'n sukses te maak.

- 1.5 Die Deputate het besluit dat die toer op soortgelyke formaat DV weer in Julie 2003 sal plaasvind, nadat die datum gekoördineer is met die datums van skoolverlaterskampe. Daar is weer 'n oop uitnodiging aan alle hoërskoolkinders en die eerste 300 kinders wat inskryf en betaal het, sal plek kry. Ons beplan om al die nuwe inligting voor die Part. Sinode vergaderings in 2002 gereed te hê. Dr. Breed het hom bereid verklaar om weer leiding te neem met die reël van die 2003 toer.

**Besluit:** Kennis geneem. Met dank aan almal wat by die treintoer betrokke was.